# PASTORALE BERADING AAN KINDERS MET ONVERWERKTE ROUSMART.

Jeanien Marx

Verhandeling voorgelê vir die gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister Artium in Pastoraal aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus).

Studieleier: Prof Dr GA Lotter
Hulpleier: Prof Dr P Joubert
Potchefstroom
2007

VOORWOORD ... iv
OPSOMMING VAN DIE NAVORSING ... v
SUMMARY OF THE RESEARCH ... vi
HOOFSTUK 1 ... 1
INLEIDING ... 1
1.1 TITEL ... 1
1.2 PROBLEEMSTELLING ... 1
1.2.1 Inleiding ... 1
1.2.2 Emosionele pyn ... 1
1.2.3 Verwaarloosde en oningeligte kinders in smart ... 2
1.2.4 Die gevolge van onverwerkte verlies by kinders. ... 3
1.2.5 Stand van navorsing ... 4
1.2.6 Die sentrale navorsingsvraag ... 5
1.2.7 Verdere vrae ... 5
1.3 NAVORSINGSDOELSTELLINGS EN DOELWITTE ... 5
1.3.1 Doelstelling ... 5
1.3.2 Doelwitte ... 5
1.4. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT ... 6
1.5. METODE VAN ONDERSOEK ... 6
1.6 HOOFSTUKINDELING. ... 7
HOOFSTUK 2 ... 9
BYBELSE PERSPEKTIEWE ... 9
2.1 INLEIDING ... 9
2.2 WAT IS DIE BASISTEORIE? ... 9
2.3 DOELWITTE VAN HIERDIE HOOFSTUK ... 9
2.4 KULTUUR-HISTORIESE AGTERGROND ... 9
2.4.1 Inleiding ... 9
2.4.2 Die praktiese en emosionele gebruike rondom sterfgevalle. ... 10
2.4.2.1 Smartrituele ... 10
2.4.2.2 Onreinheid ... 11
2.4.2.3 Begrafnisse ... 11
2.4.2.4 Rou ... 13
2.4.3 Kinderopvoeding en die versorging van die kind in rousmart ... 14
2.4.3.1 Groepskultuur ... 14
2.4.3.2 Ouers ... 14
2.4.3.3 Die begrip: kinders ... 15
2.4.3.4 Die kind en dood. ... 15
2.5 EKSEGESE VAN LUKAS 18:16 ... 16
2.5.1 Die plek van die perikoop in die boek ... 16
2.5.2 Die skrywer ... 17
2.5.3 Die doel van die boek ... 17
2.5.4 Die plek van die boek in die Bybel ... 18
2.5.5 Die plek van die perikoop in die verhaal ... 18
2.5.6 Genre van die perikoop ... 18
2.5.7 Politieke, sosiale, en godsdienstige omstandighede van die karakters in die perikoop ... 18
2.5.7.1 Politieke omstandighede ... 18
2.5.7.2 Kulturele omstandighede ... 19
2.5.7.3 Die fisiese gebeure ... 20
2.5.8 Die teks van Lukas 18:16 en 17 ... 20
2.5.9 Kernvers : Lukas 18:16 b ".. en moet hulle nie verhinder nie" ... 21
2.5.9.1 Kommentaar ... 21
2.5.10 Openbaringshistoriese plek van die perikoop ... 21
2.5.11 Die karakters en die geloofskeuses wat hulle moet maak ... 22
2.5.12 Boodskap van die perikoop ... 23
2.5.13 Openbaring oor God ... 23
2.5.14 Kinderlikheid ... 24

2.5.14 Kinderlikheid ... 24
2.5.15 Verlossingsfeite ... 25
2.5.16 Lukas se menslikheid ... 25
2.5.17 Eie tersaaklike sosiohistoriese konteks ... 26
2.5.18 My doen en uitvoering van God se wil ... 27
2.6 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING ... 28
HOOFSTUK 3 ... 29
LITERATUURSTUDIE OOR DIE VOORKOMS VAN ROUSMART BY KINDERS ... 29
3.1 INLEIDING ... 29
3.2 WAT IS METATEORIE? ... 29
3.3 DOELWITTE VAN HIERDIE HOOFSTUK ... 29
3.4 DIE BEGRIP – ROUSMART ... 30
3.5 GESKIEDKUNDIGE OORSIG OOR DIE HANTERING VAN DOOD EN ROUSMART – VERAL WAT KINDERS BETREF ... 30
3.6 ONVERWERKTE ROUSMART BY KINDERS ... 32
3.6.1 Die gevolg van wetenskaplike ontwikkeling ... 32
3.6.2 Wanvoorstelling in die media ... 33
3.6.3 Waarom is daar dan nie 'n direkte belewing van die dood nie ? ... 33
3.7 ONTNEEMDE ROUSMART ... 33
3.8 ROUSMARTBELEWING VAN DIE KIND ... 35
3.9 DIE GEVOLGE VAN ONVERWERKTE ROUSMART BY KINDERS ... 37
3.10 ROUSMART IN PSIGOLOGIE ... 37
3.10.1 Inleiding ... 37
3.10.2 Die term onverwerkte ousmart in die psigologie ... 37
3.10.3 Psigologiese gevolge van onverwerkte rousmart ... 38
3.11 ROUSMART IN DIE PEDAGOGIEK ... 39
3.12 GEVOLGE IN DIE VOLWASSENE SE LEWE ... 41
3.13 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING ... 42
HOOFSTUK 4 ... 43
EMPIRIESE NAVORSING NA DIE GEVOLGE VAN ONVERWERKTE ROUSMART OP DIE LEWENS VAN KINDERS ... 43
4.1 INLEIDING ... 43
4.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK ... 43
4.3 EMPIRIESE NAVORSING ... 43
4.4 KWALITATIEWE NAVORSING ... 44
4.5 DIE WAARDE VAN KWALITATIEWE NAVORSING ... 44
4.6 WERKSWYSE ... 45
4.7 WERKSMETODES ... 45
4.8 AFBAKENING ... 46
4.9 NAVORSING ... 46
4.9.1 Medenavorser 1 – Nico ... 46
4.9.1.1 Agtergrond ... 46
4.9.1.2 Oueronderhoud ... 46
4.9.1.3 Opsomming van die probleem ... 47
4.9.1.4 Uitkoms ... 47
4.9.2 Medenavorser 2 – Danie ... 47
4.9.2.1 Agtergrond ... 47
4.9.2.2 Oueronderhoud ... 48
4.9.2.3 Opsomming van die probleem ... 48
4.9.2.4 Uitkoms ... 48
4.9.3 Medenavorser 3 – Werner ... 49
4.9.3.1 Agtergrond ... 49
4.9.3.2 Oueronderhoud ... 49
4.9.3.3 Opsomming van die probleem ... 49
4.9.3.4 Uitkoms ... 50
4.9.4 Medenavorser 4 – Chris ... 50
4.9.4.1 Agtergrond ... 50

4.9.4.2 Oueronderhoud ..... 50
4.9.4.3 Opsomming van die probleem ..... 51
4.9.4.4 Uitkoms ..... 51
4.9.5 Groep – Ernst, Chris en Esti ..... 52
4.9.5.1 Agtergrond ..... 52
4.9.5.2 Oueronderhoude ..... 52
4.9.5.3 Opsomming van elkeen se omstandighede, en rede vir opname in groep ..... 52
4.9.5.4 Werkswyses ..... 52
4.9.5.5 Uitkoms ..... 53
4.9.6 Medenavorser – Brandon (volwassene) ..... 53
4.9.6.1 Agtergrond ..... 53
4.9.6.2 Opsomming van die probleem ..... 54
4.9.6.3 Uitkoms ..... 54
4.10 EVALUERENDE GEVOLGTREKKINGS ..... 54
4.11 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING ..... 55
HOOFSTUK 5 ..... 57
PASTORALE RIGLYNE ..... 57
5.1 INLEIDING ..... 57
5.2 ALGEMENE RIGLYNE ..... 58
5.3 SPESIFIEKE RIGLYNE VAN DIE NAVORSER ..... 59
5.4 VOORGESTELDE MODEL ..... 59
5.4.1 Inwin van agtergrondskennis ..... 59
5.4.2 Kennismaking met en gerusstelling van die kind ..... 60
5.4.3 Identifiseering van die probleem ..... 60
5.4.4 Bemagtig die kind met kennis ..... 61
5.4.5 Vervang die leun met die waarheid ..... 61
5.4.6 Identifiseer die onafgehandelde routake en handeel dit af. ..... 61
5.4.7 Vergifnis ..... 62
5.4.8 Gee aandag aan sekondêre verliese ..... 62
5.4.9 Wys die groter prentjie ..... 62
HOOFSTUK 6 ..... 63
6.1 GEVOLGTREKKING ..... 63
INLEIDING: ..... 63
BASISTEORIE: ..... 63
METATEORIE: ..... 64
6.2 FINALE GEVOLGTREKKING VAN DIE STUDIE ..... 65
6.3 MOONTLIKE VERDERE NAVORSINGSTEMAS ..... 66
BRONNELYS ..... 67
BYLAE 1 ..... 73
B1.1 Werksmetodes ..... 73
B1.1.1 Sessies met medenavorser 1 - Nico ..... 73
B1.1.2 Sessies met medenavorser 2 – Danie. ..... 77
B1.1.3 Sessies met medenavorser 3 – Werner. ..... 78
B1.1.4 Sessies met medenavorser 4 – Chris ..... 83
B1.1.5 Groepsessies met Tieners ..... 86
B1.1.6 Sessies met deelnemer 6 – Brandon. ..... 89
BYLAE 2 ..... 92
B2.1 My Eie Ervaring - Deur die Navorser ..... 92

# VOORWOORD

Baie dankie:

- Vader, Jesus Christus en Heilige Gees – vir die bewusmaking van hierdie onaangespreekte probleem by U kinders. Insig en wysheid kom van U af.
  Kolossense 4:17 het deur U Krag vir my waar geword.
- Pieter – vir jou hulp, geduld en liefde.
- Madelien en Kalienka – vir julle geloof en vertroue dat julle ma sal klaarmaak.
- Prof George Lotter – jou kennis, ondervinding en aanmoediging was onontbeerlik.
- Amanda en Antjie – dat julle voor ons Vader verskyn en geglo het ek sal aanhou tot hierdie navorsing afgehandel is.
- Magriet Eksteen – jou kennis van die Afrikaanse taal en die lewenspret op jou ouderdom was soveel werd as die versorging.
- Hester Ferrezuoelo – dat jy met enige rekenaar tegniese wondere kan verrig.
- Cynthia Kamffer, Mevv van Rooyen en Smit – julle hulp en toewyding maak studie uitdagend.
- Die Noordwes-Universiteit – wat my in hierdie tyd laat glo het waardes en goeie diens is steeds deel van ons lewe in Suid-Afrika.
- Die res van my familie en vriende – dat julle geweet het en belang stel waarmee ek besig was en hierdie studie sal toepas as dit nodig mag word.
- My medenavorsertjies – Dat julle julle harte en geheime vir my oopgemaak het. Julle het my vertrou om deur die leiding van die Here, te help om die dood van iemand vir wie julle baie lief was, te verwerk.

Hierdie navorsing word opgedra aan:

Tannie Coby Holvast. U het my gewys, gehelp en geleer wat Bybelse berading is. Deur jou oë kon ek die nood van ander begin sien.
My ouers, Tommie en Adien (oorlede : 2007-08-14) van Niekerk.
Al die kinders wat paaie met my kruis. Mag julle meer soos Jesus word en nader aan Sy Troon kom.

My gebed is:

*dat elkeen wat hierdie studie lees, deur die Here geseën sal wees en tot die insig sal kom en dat rousmart, hoe moeilik dit ook al mag wees, deurleef moet word.*

# OPSOMMING VAN DIE NAVORSING

Rousmartbelewing deur kinders is 'n onderwerp wat dikwels vermy word. Jong kinders kry sedert die negentiende eeu nie meer die geleentheid om hul verlies te beleef of die werklikheid van die dood te ervaar nie.

Smart is die intense emosie van droefheid en pyn na die afsterf van 'n geliefde. Daarna volg 'n normale routydperk van afsondering, verlange en hartseer.

Kinders word egter nie genoegsaam ondersteun en begelei om hierdie toestand te verwerk nie. Die mediese vooruitgang het ook meegehelp dat dood en gepaardgaande rousmart na die steriele omgewing van die hospitaal verskuif. Die vervoer en versorging van die liggaam word deur ondernemers gedoen. Ontkenning ontneem die kind soms die geleentheid om afskeid te neem, routake te verrig en die emosies wat hul ervaar te erken.

Die basis van die konkrete hantering van rousmart word in die Skrif nagevors. 'n Eksegese wat uitlig hoe Jesus Christus kinders hanteer werp verder lig op die noodsaaklikheid van betrokke meelewing en ook die hantering van rousmart.

Die gevolge van onverwerkte rousmart word in die deelwetenskappe, Psigologie en Pedagogiek verduidelik.

Die navorser het deur kwalitatiewe navorsing getoon dat emosionele, fisieke, geestelike en sosiale probleme wat voorkom ná onverwerkte verlies, wel deur Bybelse berading kan verander en riglyne word voorsien oor hoe berading kan plaasvind.

# SUMMARY OF THE RESEARCH


Bereavement experienced by children is often a subject which is avoided. Young children are not given the opportunity to really live through their loss or to grasp the reality of death.

Grief is the intense emotion of sadness and pain experienced at the death of a loved one. After that, there is a normal period of mourning, separation, longing and sadness.

Children are, however, not given enough support and guidance to work through this experience. The advancement in medicine and science has also aided in moving death and the resultant grief to the sterile environment of a hospital. The care and removal of the body is done by the undertaker. Denial often deprives children of the opportunity to say good-bye, to exercise mourning activities and to acknowledge the different emotions experienced by them.

The basis of grief recovery is researched in the Word of God. Exegesis that shows how Jesus Christ treats children sheds further light on the necessity of being sympathetically involved, as well as on the handling of grief.

The consequences of unresolved grief are discussed in psychology and pedagogics.

The researcher has shown that emotional, physical, spiritual and social problems which arise from unassimilated grief can be overcome through Biblical counseling and includes some guidelines for counseling.

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 TITEL

Pastorale berading aan kinders met onverwerkte rousmart.

Sleutelterme: kind/kinders, rousmart, emosioneel, pastorale berading.
Keywords: child/children, bereavement, emotional, pastoral counseling.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

### 1.2.1 Inleiding

Die afsterwe van 'n ouer, broer, suster, ander familielid, vriend of versorger bring omvattende veranderinge in die lewe van 'n kind, tussen geboorte en 18 jaar, mee. Kinders ervaar net soveel pyn as volwassenes as gevolg van skok, skeiding of verlies. Die negatiewe emosies (vrees, verdriet, woede) wat die kind na die gebeure ervaar word dikwels oorheersend in sy lewe (Kubler Ross, 1991:149). Die effek van onverwerkte verlies kan nog meer verreikende gevolge hê. Sogenaamde vergete of nie-ondersteunde kinders kan soms emosioneel, intellektueel en geestelik begin wanfunksioneer, selfs tot in volwassenheid (Abi-Hashem, 1999:321). Sou dit gebeur dat die kind begelei word om die rouproses te voltooi, kan emosionele genesing plaasvind en negatiewe reaksies uiteindelik selfs verdwyn (Adams, 1986:12; Blore, 1989:24; Blom, 2004:237).

### 1.2.2 Emosionele pyn

Emosionele pyn kan beskryf word as *sielslyding.* Die term *"smart "* word gebruik wanneer na die proses van droefheid verwys word. *Rou*, daarenteen verwys na die tydperk ná verlies deur afsterwe (Blom, 2004:215). *Rousmart* kan dus beskryf word as: *die proses en die tydperk van sielslyding na verlies deur afsterwe.*

Elke groot emosionele verlies wat ervaar word, het 'n invloed op alle lewensareas. Die effek daarvan beïnvloed lewenskwaliteit vir baie langer as wat die persoon self besef (Diets, 2000:2).

Adams (1973:283) beskryf rousmart soos volg :

> *"Grief, for example, ordinarily does not exist as a simple emotion. The pain occasioned by loss more often than not, is intertwined with other emotions such as fear, guilt and resentment".*

Dit wil dus voorkom asof Adams die emosies van vrees, skuld en woede as 'n integrale deel van smart beskou. Hy maak nie 'n onderskeid tussen smart en rou nie.Vrees, skuld en woede word oor die algemeen ervaar tydens die rouproses.

1.2.3 Verwaarloosde en oningeligte kinders in smart.

Dit gebeur dikwels dat ouers, familie en vriende wat self vasgevang is in hul eie smart, verkeerdelik dink kinders is te jonk om te rou. Danai Papadatou verklaar die rede hiervoor as die onvermoë van die volwassene om die situasie self te kan hanteer (Papadatou en andere, 1991:330).

De Klerk (1968:140) beweer dat die behoeftes van 'n kind in rousmart gering geag word, omdat die verkeerde veronderstelling bestaan dat hulle te jonk is om te verstaan Die navorser is van mening dat dit 38 jaar na die bewering van De Klerk, steeds die geval is. Soms word kinders glad nie vertel dat iemand dood is nie, of hulle kry verkeerde inligting aangaande die sterfgeval (O Conner 2004:87).

McNamara (2001:3) beskryf haar eie ervarings tydens die afsterf van bekendes soos volg:

*"As a child in the 1960s, I was not permitted to attend my grandmother's funeral; the suicide of a neighbour was kept from me; and the death of a young friend of the family in a motor vehicle accident was whispered about, with my mother sitting for hours over a blank sympathy card".*

Die afsterf van 'n geliefde is 'n ervaring wat angs en onsekerheid tot gevolg het. Hierna kan woede, skuldgevoelens, vrees en depressie volg (Collins, 1988:63). Waarneming sal bewys dat die verwaarlosing van die aanvanklike manifestasie van rousmart by kinders van geboorte tot adolessensie kan uitloop op dieperliggende patrone van rou.

Hieronder volg twee voorbeelde van kinders (fiktiewe name word gebruik), bekend aan die navorser, wat nie ondersteuning of terapie ontvang het nie.

- PW -19 jaar, se pa is 11 jaar gelede oorlede. Hy is nie toegelaat om sy pa in die intensiewesorgeenheid te besoek of die teraardebestelling by te woon nie. Hy het dikwels

gevra wat hy verkeerd gedoen het en was bang dat sy ma ook sou wegraak. PW het stil en afgetrokke geword. Hy kan steeds nie 'n begrafnis bywoon nie.

- Nico - 11 jaar, (in navorsing bekend as medenavorser 1), is in 'n skool vir remediëring. Hy kan nie die verdrinking van sy boetie, 5 jaar gelede, verwerk nie. Hy glo dit was sy skuld, sukkel om skolasties te vorder en verval al hoe meer in 'n toestand van depressie.

Dit wil dus voorkom of dit noodsaaklik is dat kinders ondersteuning tydens smart en rou ontvang.

1.2.4 Die gevolge van onverwerkte verlies by kinders.

Dit blyk dat die onvoltooide siklus van rou moontlik liggaamlike en emosionele letsels by die kind kan laat.

> *"Unresolved grief can cause serious emotional, mental, behavioural, physical, spiritual and social disruptions "* (Abi-Hashem, 1999:321).

Emosies wat nie erken, benoem en verwerk is nie, kan verdiep tot onnatuurlike gevoelens soos skuld, verwyt, bitterheid, aggressie, ens. Van der Merwe (1996:154) lig hoofsaaklik twee risiko's uit wat bestaan as kinders emosioneel afgeskeep word nl;

- Posttraumatiese Stresversteuring (PTSV).
- Energie wat deur spanning vermors word, is gevolglik nie beskikbaar vir ander ontwikkelingstake, soos leer en groei nie.

Ander mooiintlike gevolge van onverwerkte verlies is;

- Fisieke ontwikkeling kan gestrem word. Soos Louw (1997:236) dit stel:
  *"serious psychological stress can lead to retarded physical growth. This phenomenon is known as psychosocial dwarfism or deprivation dwarfism."*
- Dit word algemeen erken dat kinders na 'n traumatiese ervaring sukkel om skolasties te vorder en dat die ontwikkelingstake vertraag of agterweë gelaat word. Blore (1998:27) beweer die oorsaak hiervan is die onvermoë om te konsentreer en disoriëntasie.
- Die kind wat vroeë traumatiese ondervindings gehad het, ontwikkel dikwels gedragsprobleme in sy latere lewe (Collins, 1988:155).

Tydens 'n tydperk van twintig jaar in die onderwysberoep het die navorser waargeneem dat sogenaamde "probleemkinders" dikwels emosioneel afgeskeep, verwaarloos of geïgnoreer is. Kinders kan sielkundige skade tydens die ervaring van dood en hartseer opdoen.

Kinders vind dit moelik om abstrak oor God-drie-enig te dink. Om hierdie rede is dit belangrik dat die kind 'n rolmodel het wat as skakel tussen die hom en die Here kan optree, *"to make the presence of God come alive"* (Blore, 1989:28).

Die vraag ontstaan nou of die negatiewe gevolge van onverwerkte rousmart, wel omgekeer kan word ? Hierdie studie wil bewys dat dit wel die geval is.

Volgens Adams, (1986:12) kan verandering plaasvind, maar slegs deur die werking van die Heilige Gees. *"Substantial change requires the Holy Spirit's alteration of the heart".*

Omdat kinders nie oor kennis, insig en ervaring beskik nie, is dit die taak van ouers, opvoeders en beraders om hulle in die verwerking van verlies te begelei. Die kind word dus gehelp om sy emosies en optrede te erken en verstaan. Daarna kan gewoontes en gedrag verander. Herbert (1999:9) haal vir Eda le Shan so aan :

> *"A child can live through anything so long as he or she is told the truth and is allowed to share with loved ones the natural feelings people have when they are suffering."*

1.2.5 Stand van navorsing

Na afloop van 'n soektog in die Ferdinand Postma-biblioteek het dit aan die lig gekom dat die omvang van die implikasies wat onverwerkte rousmart vir die kind het, nog nie voldoende ondersoek is nie.'n EBSCOhost soektog het 98 studies en die Nexus databasis 57 verslae, sonder antwoorde op vrae wat in hierdie studie gevra word, opgelewer. Daar bestaan baie pastorale studies oor die impak van trauma en verwerping na egskeiding op die kind.

Die studie van o a "Pastoraat aan treurende kinders" (Loots, 1992) gee egter geen aanduiding van die *gevolge van onverwerkte verlies* nie. (vgl ook titels van: Berg,1991; Rodrichques, 1998; Smith, 2000; Jewitt , 2001; Van Duuren, 2002).

Wat kinderboeke betref, is daar baie kinderverhale (Amos, 1990:31), saamgestelde biografieë (Krementz, 1986:110; Perkins, 1996:25) en selfhelpgidse (Mundy, 2001:28) wat oor dood en rou handel.

Daar blyk egter nie 'n toepaslike pastorale studie oor die genesing van die gevolge van onverwerkte verlies te wees nie. Dit wil dus ook voorkom of daar nie voldoende studie oor die pastorale begeleiding aan kinders met onverwerkte rousmart gedoen is nie.

Die navorser sal poog om aan te toon watter negatiewe impak onvoltooide rousiklusse op kinderlewens, selfs tot in volwassenheid, kan hê. Verder gaan daar aangetoon word hoe sulke persone pastoraal begelei kan word.

### 1.2.6 Die sentrale navorsingsvraag

Hoe behoort kinders pastoraal begelei te word om onverwerkte hartseer en emosionele pyn te erken, te verstaan en te verwerk?

### 1.2.7 Verdere vrae

- Basisteoretiese vertrekpunt:

*Wat leer die Skrif omtrent dood en kinderondersteuning ?*

- Metateoretiese vertrekpunt:

*Wat is die invloed van verlies deur die dood op die emosionele, fisieke, intellektuele en geestelike ontwikkeling van die kind vanuit die oogpunt van die deelwetenskappe?*

- Praktykteoretiese vertrekpunt:

*Watter riglyne kan die pastorale berader aan kinders gee wat onverwerkte rousmart beleef ?*

## 1.3 NAVORSINGSDOELSTELLINGS EN DOELWITTE

### 1.3.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doel van hierdie studie is om na te vors hoe kinders pastoraal begelei kan word om die probleme te oorwin wat voortspruit uit onverwerkte rousmart.

### 1.3.2 Doelwitte

- Om aan te dui wat die Skrif omtrent verlies en kinderondersteuning leer.
- Om die invloed van verlies op die emosionele, fisieke, intellektuele en geestelike ontwikkeling van die kind vanuit die deelwetenskappe te ondersoek.
- Om kontoere van Bybelse riglyne te formuleer wat kinders kan begelei om rousmart te verwerk.

## 1.4. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Kinders kan en moet pastoraal begelei word om onverwerkte hartseer en emosionele pyn te erken, verstaan en verwerk.

## 1.5. METODE VAN ONDERSOEK

Hierdie studie word volgens die handelingswetenskaplike model van Zerfass (1974 : 164 – 177) gedoen. Volgens Zerfass bestaan die ondersoek uit 'n basisteorie, metateorie en praktykteorie.

Basisteorie:

Ten einde die studiedoelwitte te bereik, kan op basisteoretiese vlak aan die volgende aspekte aandag gegee word :

- Skriftuurlike en Kultuurhistoriese bronne om die sosio-historiese konteks van gebruike wat verband hou met rou en kinderopvoeding in die Bybeltydperk te ondersoek.
- Eksegese van die Skrifgedeelte waar Jesus direk in kontak met kinders was en hoe Hy teenoor hulle opgetree het.

> " *Maar Jesus het die kindertjies nader geroep en gesê: Laat die kindertjies na my toe Kom* " (Luk 18:16).

Vergelyk ook Matt 19:13-15, Mark 9:36-37, 10:13-16, Lukas 9:46 – 47.

Metateorie:

Op metateoretiese vlak word navorsingsresultate van die vakgebiede Psigologie en Pedagogiek t o v die volgende faktore betrek :

- 'n Oorsig oor die voorkoms van die probleme wat kinders agv onverwerkte verlies ondervind. Daar sal aangetoon word hoe hulpwetenskappe die probleme hanteer en hoe hierdie situasies aangepak word.

- 'n Empiriese ondersoek word voorgestel dmv kwalitatiewe navorsing, aan die hand van vrae en gesprekke met vyf kinders wat as medenavorsers gebruik word, om vas te stel of enige nuwe insigte rakende hierdie saak aan die navorser bekend word.

Praktykteorie:

Die praktykteorie gaan geformuleer begin word na aanleiding van die eksegese oor rousmart en kinderopvoeding met toespitsing op die voorbeeld wat Jesus Christus in Sy optrede teenoor kinders stel. Die ondersoek in die deelwetenskappe en die kwalitatiewe navorsing sal die hermaneutiese wisselwerking tussen die basisteorie en die metateorie aantoon, om sodoende die praktykteorie te voltooi.

- Om kontoere van Bybelse riglyne te formuleer wat sal verseker dat die kind gelei word om sy onvoltooide rousmart te verwerk en sodoende as 'n aangepaste, tevrede kind te kan groei.

Hierdie pastorale studie word vanuit die gereformeerde tradisie gedoen (Louw, 1993:75).

## 1.6 HOOFSTUKINDELING.

1.6.1 Hoofstuk 1 : Inleiding.

<u>Basisteoretiese vertrekpunt</u>

1.6.2 Hoofstuk 2 : Skriftuurlike perspektiewe.

- 2.1 Kultuurhistoriese perspektiewe mbt rousmart.
- 2.1.1 Die praktiese en emosionele gebruike rondom sterfgevalle.
- 2.1.2 Kinderopvoeding en die versorging van die kind in rousmart.
- 2.2 Eksegese van Lukas 18:16.

<u>Metateoretiese vertrekpunt</u>

1.6.3 Hoofstuk 3 : Literatuurstudie oor die voorkoms van dood.

- 3.1 Die geskiedenis van die hantering van rousmart.
- 3.2 Gevolge van onverwerkte verlies in die praktyk.

1.6.4 Hoofstuk 4 : Empiriese ondersoek – kwalitatiewe navorsing as basis vir gevallestudies.

<u>Praktykteoretiese vertrekpunt</u>

1.6.5 Hoofstuk 5 : Pastorale riglyne

1.6.6 Hoofstuk 6 : Gevolgtrekking

SKEMATIESE VOORSTELLING

| PROBLEEMSTELLING | DOELSTELLINGS | METODOLOGIE |
|---|---|---|
| Watter riglyne wat die Skrif daarstel is met verlieshantering deur begeleiers geïgnoreer ? | Om die riglyne wat die Skrif aangaande smart by kinders en die rouproses daarná gee, te ondersoek. | Formuleer bewyse uit die Skrif en kultuurhistoriese bronne oor die voorkoms van rousmart. |
| Wat gebeur in die praktyk as kinders die gevolge van onverwerkte rousmart beleef? | Om die invloed van onverwerkte verlies op die fisiese, emosionele, intellektuele en geestelike vlak by die kind aan te toon. | Rekenaargesteurde databasissoektogte na boeke, tydskrifartikels, internet en skripsies. Navorsing van deelwetenskappe Kwalitatiewe ondersoeke. |
| Hoe kan onverwerkte rousmart by kinders pastoraal hanteer en verwerk word? | Om kontoere van 'n model en riglyne vas te stel en die regte hantering van verlies rondom dood in die lewe van kinders uit te lig. | Die ontwerp van 'n Skrifgesentreerde model wat rousmart by die kind help verwerk, sodat die kind aangepas en tevrede is. |

1.6.7 Bronnelys

1.6.8 Bylae

# HOOFSTUK 2

# BYBELSE PERSPEKTIEWE

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die basisteorie verduidelik en die doelwitte beskryf. Daarna gee die navorser die Bybelse agtergrond vir die navorsing en 'n eksegese van die perikoop van toepassing op die studie.

## 2.2 WAT IS DIE BASISTEORIE?

Die basisteorie word deur Louw (1993:x) beskryf as die *teologiese perspektief en antropologie.* Heitink (1999:41) skryf dat dit die algemene teorie is waarmee die teoloog die verstaan van 'n sekere vakaspek verwoord. Die Skrif is die basis van alle geloof en praktyk (Adams, 1986:xxi ). Dit is ook die verhaal van God se verlossingswerk in die lewens van Sy mense en juis dit word gebruik as vertrekpunt van die studie (Pawson, 2003:5).

## 2.3 DOELWITTE VAN HIERDIE HOOFSTUK

Die doel van hierdie hoofstuk is drieledig nl om :

- In die kultuurhistoriese agtergrond te gaan kyk hoe verlies na afsterwe van 'n geliefde in die Ou en Nuwe Testament hanteer is.
- Die opvoeding en hantering van kinders deur hul ouers en die uitgebreide familie, asook die gemeenskap, in die Skrif te bestudeer.
- Deur middel van die eksegese van 'n bepaalde perikoop te ondersoek op watter wyse Jesus Christus as kinderbegeleier in 'n rousmartsituasie te werk sou gaan.

## 2.4 KULTUUR-HISTORIESE AGTERGROND

### 2.4.1 Inleiding

Hierdie studie begin deur die Bybelgegewens aangaande smart-uiting en rougebruike, asook die rituele voor, tydens en ná begrafnisse te ondersoek. Die Bybel beskryf die dood en daaropvolgende routydperke van baie mense op verskillende wyses (Collins, 1988:345).

Die Openbaringsgeskiedenis gaan oor dinge wat werklik gebeur het. Hierdie feite het egter ook 'n boodskap (Van Der Walt, 2006:21). Dit kan aan die navorser die insig uit Bybelse perspektief gee om uiteindelik die oorsaak van onverwerkte rousmart te bestudeer.

### 2.4.2 Die praktiese en emosionele gebruike rondom sterfgevalle.

Daar was in die Bybelse tyd verskillende uitdrukkings van smart: *"Grief at the death of a loved-one or at affliction was expressed in the Bible in different ways"* (Ryken en andere, 1998:574). Ons lees oor die *smart* en *rou* van Jakob nadat hy gehoor het van Josef se dood (Gen. 37:34 – 35), Dawid se *dood* en *begrafnis* (1 Kon 2:10), en Jesus Christus se *hartseer* by Lasarus se graf (Joh. 11:38) en Sy *onttrekking* nadat Hy van Johannes se dood verneem het (Matt 14:13).

#### 2.4.2.1 Smartrituele

Sodra 'n persoon gesterf het, is sy ooglede toegedruk sodat dit gelyk het of hy slaap. Afgestorwenes is dan ook "ontslapenes" genoem (1Tess 4:14).

Die doodstyding is dadelik van die dak van die genoemde "rouhuis", afgekondig. Daarna het 'n bepaalde ritueel gevolg. Dood is nooit in die Bybelse tyd stilgehou nie (Ryken en andere, 1998:129; Thompson, 1996:92). Weeklaag het dadelik begin. Smart is uitgegil. Die bedroefde het rondgerol en gekerm, gehuil, gekla en gekreun. Indien 'n vader sy seun verloor het, het hy sy naam herhaaldelik uitgeroep. Die uiting van smart is soms opgevolg deur stilte (Job 2:13).

Du Plessis (1988 : 98), het die volgende aangaande rou geskryf :

- Die persoon wat in smart gedompel was, het homself op die bors geslaan, gevas, sy klere geskeur, die kop kaal geskeer, as daaroor gestrooi, en partykeer selfs letterlik in die as (Est 4:3) gaan sit.

- Om hul smart fisies te demonstreer het vroue skoonheidsversorgings gestaak. Mans het hul koppe, baarde en bolip met 'n doek toegebind (Eseg 24:17).

Die treurende het 'n sak of 'n kledingstuk wat van bokhaar gemaak was, gedra en kaalvoet geloop. Die skurwe en ongemaklike klere het die treurende gekrap en gepla. Die klere het die persoon heeltyd herinner aan sy hartseer toestand (Du Plessies, 1988:38).

2.4.2.2 Onreinheid

Na die dood van 'n familielid is die gebou en al die inwoners in die huis van die afgestorwene as onrein beskou. Daar mag nie kos in die huis gemaak word nie. Dit sou onaanvaarbaar en oneetbaar wees (Hosea 9:4). Die gemeenskap het egter vir die maaltye van die bedroefdes gesorg. *"... Troosbrood en 'n troosbeker is dan as blyk van belangstelling en meelewing in die tyd van droefheid aangebied"* (Du Plessis, 1988:31).

Onreinheid het beteken dat 'n persoon in 'n staat verkeer wat gemeenskap met God onmoontlik maak. *" The Old Testament picture of uncleanness vividly serves to convey the reality of the need for cleansing and atonement before God "* (Ryken en andere, 1998:156).

In die rouhuis mag die huismense ook nie die Paasfees of enige ander godsdienstige feesdae wat in hierdie tydperk sou plaasvind, gevier het nie.

Familie en vriende het die bedroefde gesin bygestaan. Professionele roubeklaers is ontbied om teen vergoeding te kom optree. Selfs die armste gesinne het dit gedoen (Vosloo & van Rensburg, 1999:1205). Hierdie "beroep" is deur families van die een geslag na die volgende oorgedra. Hulle het dan bitterlik geween, op fluite gespeel, hande geklap, gedans en ook klaagliedere gesing – vergelyk Matt 9:23 en 2 Kron 35:25.

Dit was onaanvaarbaar om aan 'n lyk, 'n graf of selfs 'n doodsbeen te raak. Diegene wat dit as gevolg van noodsaak wel gedoen het, is vir sewe dae onrein verklaar en moes daarna reinigingsrituele ondergaan (Num 19:16).

2.4.2.3 Begrafnisse

Die afgestorwene se liggaam is in die huis en weer in die graf deur familie en vriende gewas en met geurige olies gesalf, soos gelees word in Mark 16:1 (Green & McKnight, 1992:89). Dit was die bedroefde geliefdes se laaste liefdesbetoon (Metzger & Coogan, 2001:15).
Van der Walt (2006:288), maak melding van 'n mengsel van mirre en aalwyn waarmee die liggaam ingevryf is. Die lyk is daarna met stroke linne wat met speserye bestrooi is, van die voete af boontoe toegedraai (Douglas, 2004:150). 'n Gesigsdoek is om die kop gedrapeer. (Joh 11:44, Mark 15:26). Mans is nie toegelaat om vroue se liggame na hul dood te versorg nie (Howard en andere, 2004:151).

Daarna is die persoon op 'n draagbaar geplaas en nog dieselfde dag begrawe (Metzger & Coogan, 2001:78).

Die gebruik om 'n persoon binne 24 uur na afsterwe te begrawe, bestaan vandag nog in die tradisionele Joodse kultuur. Die warm klimaat het haastige begrafnisse genoodsaak (Joel en andere, 1992:98). Begrafnisse word steeds, soos ten tye van die Ou en Nuwe Testament nie op die Sabbat (tussen sononder Vrydag en sononder Saterdag) of ander godsdienstige feesdae, gehou nie. 'n Amptelike routydperk van sewe dae word ook steeds onderhou en staan in die kultuur bekend as '*shivah*' (Elion & Strieman, 2001:99).

Begrafnisse het nie uit die seremonies (kerkdienste ), soos ons dit vandag ken, bestaan nie. Dit was slegs die wegbêre van die liggaam (Ryken en andere, 1998:129). Die gemeenskap het in 'n stoet agter die familie na die voorbereide graf beweeg. Nuwe grafte was altyd gereed, soos ook die geval met Jesus Christus se begrafnis, toe Josef van Arimatea Sy liggaam in 'n rotsgraf laat begrawe het waarin niemand nog ooit tevore begrawe was nie (Luk 23:53).

Sewe dae voor Paasfees is grafte noukeurig wit geverf of gekalk om 'n beskermende laag te vorm. Dit het dan verhoed dat iemand dalk per ongeluk tydens 'n begrafnis daaraan kon raak, onrein word, en deelname aan die Pasga ontsê word (Metzger & Coogan, 2001:77). Dit is dan ook met sulke grafte wat Jesus Christus die Fariseërs en Skrifgeleerdes vergelyk (Matt 23:27).

Dit was in die Bybelse tyd verkieslik om mense in familiegrafte weg te lê. Grafte moes eenvoudig wees, sonder pronkery of vertoon. Metzger & Coogan (2001:197) verduidelik waarom grafte nie in die grond gemaak is nie, maar wel in heuwels of grotte uitgekap is. Die Israeliete het geglo dat die "onderwêreld" (Luk 8:31 ; Rom 10:7) die woonplek van slegte wesens was. Daarom is hul geliefdes *bo* die grond weggelê. Die heuwels in Palestina bestaan uit kalksteen waar daar ook baie grotte voorkom.

Die graf se opening is met 'n ronde klip toegemaak. Daar was verskillende soorte grafte, onder andere: 'n boogbank, troggraf en horisontale skuifgraf (Ryken en andere, 1998:129-130). Wanneer 'n familiegraf nie meer plek gehad het nie, moes die bene van 'n vergane liggaam in 'n klipkissie (ossuarium) of kleipot in die grafkelder geplaas word, om sodoende plek vir die volgende liggaam te maak (Green & McKnight, 1992:89). Douglas (2004:149-150) beskryf die uitleg van grafte en wys ook daarop dat dit gebruik is wanneer iemand weens omstandighede of 'n gebrek aan tyd nie in 'n familiegraf begrawe kon word nie; hulle is later herbegrawe soos dit die geval was met Saul en Jonatan – vergelyk 2 Sam 21:13.

In die Bybelse tyd was dit 'n skande om nie begrawe te word nie (Metzger & Coogan, 2001:129). Dit was die lot van Absalom (2 Sam 18:17) en Isebel, wie se dood in 1 Kon 21:23 deur die Here voorspel is.

'n Ete is na die begrafnis bedien. Howard en andere (2004:150) noem dit die *" breaking-fast Meal "*.

2.4.2.4 Rou

Die vasgestelde routydperk in die Bybelse tyd het gewissel van 7 tot 30 dae, soms selfs langer. Daar is dertig dae oor Moses gerou (Deut. 34: 8) en sewentig oor Jakob (Gen 50:3).

Deur die geskiedenis, en ook sigbaar in die Bybel was daar twee soorte rouprosesse (Winter 1999:367) nl:

- Die katariese, wat emosionele uitdrukking behels.
- Beheerste uiting wat die rasionele onderdrukking van emosies benadruk.

Volgens Winter (1999:368), word 'n vryer, meer emosionele rou in die Ou Testament aangetref. Die Nuwe Testament gee egter ook voorbeelde van rousmart.

- Die vroue wat oor Jesus Christus gehuil en getreur het (Luk 23:27).
- Jesus se emosie by Lasarus se graf (Joh 11:38).
- Na die steniging van Stefanus (Hand 8:2).

Die navorser merk op dat Paulus later in die Nuwe Testament kalmer gevoelsuitinge aanmoedig, omdat hoop aanleiding daartoe gee. (1 Tess 4:14). Kon dit wees dat filosofiese denkrigtings mense begin oortuig het dat rou onderdruk behoort te word, al was dit nie die algemene Bybelse gebruik nie? Winter (1999:369) skryf dat Paulus waarskynlik beïnvloed is deur die Griekse rasionalisme en stoïsisme.

Wanneer Paulus vrees dat hy "verdriet op verdriet" oor Epafroditus kan ervaar indien sy vriend nie sy siekte sou oorleef nie (Fil 2:27), sien ons dat sy belewing ook 'n oorweldigende hartseer kan insluit.

As daar egter na die gedeelte in 1 Tess 4 gekyk word, stem die navorser nie met Winter (1999:369) saam dat die perikoop oor smartuiting handel nie, maar wel oor die Christen se *hoop* (Pawson, 2007:946).

Gevolgtrekking

*Uit bogenoemde is dit duidelik dat mense ten tye van die Ou en Nuwe Testament bepaalde rousmartgebruike gehad het. Die hele gemeenskap het die bedroefde familie fisiek en*

*emosioneel ondersteun het. Daar is dus deurgaans spesiale aandag daaraan gegee om diegene wat rousmart beleef het, by te staan en tyd daarvoor inruim .*

2.4.3 Kinderopvoeding en die versorging van die kind in rousmart

2.4.3.1 Groepskultuur

Die Joodse gemeenskap het 'n groepskultuur gehad en daar is na die basiese familie-eenheid as *my father's house* verwys: " *Many fathers' houses comprised of a 'clan', and many 'clans' comprised of a 'tribe'* " (Freedmans, 2000:457). Kinders was vanselfsprekend deel van die groep of gemeenskap. Hulle is beskou as die toekoms van die familie en daarom baie belangrik. Kinders kon ook aangeneem word. Soos Van Der Walt (2006:18) dit stel: *"Kinders was die krag van die gesin, veral seuns".*

Hierdie gemeenskappe was baie lojaal teenoor mekaar. Indien 'n familie swaar gekry, getreur of gerou het, het almal medelye gehad. Sou beskerming teen vreemdelinge nodig wees, het almal saamgestaan. Die indiwidu se prioriteite was ondergeskik aan dié van die familie. Liefde was die saambindende faktor en is bewys deur lojaliteit (Matt 22:34-40). Families was uitgebrei en selfs die werknemers, slawe en afhanklikes was deel daarvan. Vriende is aangemoedig om in te skakel en deel te neem aan die uitgebreide familie se bedrywighede (Hand 16:31-34).

Kinders se name is met sorg gekies. Thompson (1996:80) skryf dat die keuse van name op twee maniere kon plaasvind, nl :

- die naam kon verwys na gebeure tydens die baba se geboorte – soos in die geval van Isak, wat " hy lag " beteken (Gen. 21:6).
- dit was 'n verwysing na die optredes van God, bv Samuel, wat "van die Here het ek hom afgesmeek" beteken (1 Sam 1:20).

2.4.3.2 Ouers

Die ma het gewoonlik tot die kinders se vyfde of sesde jaar na hulle omgesien. Hierna was dit die vader se plig om onderrig in die Tora te gee of sy kind dit te laat kry en dan moes hy ook die seuns sy ambag leer. Tot op die ouderdom van 12 is 'n seun se ouers gestraf, wanneer hy iets verkeerd gedoen het. Daarna was hy verantwoordelik vir sy eie gedrag (Pawson, 2003:841).

Dogters het, nadat hulle 'n baie basiese kennis van die Tora opgedoen het, saam met hul moeders tuis gewerk. Hulle moes help met die huishouding, naaldwerk en kosvoorbereiding. Thompson (1996:83) som die verbondenheid in gesinne raak op as hy sê:

*" For Israelite children, and probably for most children in the New Testament period also, play, work, education and family activities were all closely integrated with the home ".*

Die vader was die leier van die groep. Achtemeier (1985:417), verwys ook na die patriarg as die "lord" of "master". Hy was verantwoordelik vir die dissipline, orde en versorging van die familie, insluitende al die kinders. Daar is geglo dat 'n kind sy basiese karakter van sy vader geërf het. Addisionele opleiding en godsdienstige opvoeding, wat ook hoofsaaklik die pa se verantwoordelikheid was, sou dan die kind se persoonlikheid verder vorm.

Kinders wat disrespekvol, arrogant, en rebels was, is deur hul ouers by die stadsvaders verkla en kon met die dood gestraf word – vergelyk Lev 20:9 (Freedman, 2000:456).

Wanneer die pa gesterf het, het sy oudste seun sy naam en titel geërf. Hy was dan die volgende leier, gesagsfiguur en hoof van die familie.

2.4.3.3 Die begrip: kinders

In die Ou Testament is die woord, *kinders*, vereenselwig met die begrip nageslag. Achtemeier (1985:162) gebruik die uitdrukking; "children of their ancester" (Jes17:3, Eseg 37:16). Van Gemeren (1997:381), verwys na 'n *kind* as enige persoon onder die ouderdom van twintig jaar. Daar word in Deut 4:9 na *kleinkinders* verwys.

Die Nuwe Testament gebruik die woord *kinders* wanneer daar oor "kinders van God" geskryf word. In Gal 4:19 en 2 Tim 1:2 word van gemeentelede geskryf (Achtemeier, 1985:162). Clarke & Linzey (1996:926) dui aan dat die woord *"kind"* figuurlik in Joh 1:12 en as meervoud in 1 Joh 2,3 en 4 voorkom.

2.4.3.4 Die kind en dood.

Ons lees in Gen. 24:67 dat Isak vertroos is na sy ma se dood ( hy was toe al 'n volwasse man). Hierdie is die enigste keer dat daar in die Skrif op direkte wyse na 'n kind se rousmart, wat lank duur, verwys word.Jong kinders word nie in die Bybel direk uitgesonder as oor rousmart na die afsterf van 'n geliefde geskryf is nie. Daar word ook nie beskryf waar die kinders spesifiek in rousmart is nie. Gegewens sal derhalwe uit skrifverklarings en histories-kulturele bronne geneem moet word.

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die Bybel *nie* spesifieke voorskrifte gee oor hoe kinders geleer, ondersteun en gehelp behoort te word tydens die rouproses *nie*.

Alhoewel daar nie spesifiek na kinders in 'n rousmartsituasie in die Skrif verwys word nie, word die woord weeskinders wel 18 keer (Meyers, 2003 e-sword) in die Bybel gebruik. In die meeste gevalle word hulle ingesluit by voorskrifte oor hoe weduwees behandel moet word. Volgens VanGemeren (1997:381), word weeskinders (vaderloses) oorwegend saam met weduwees, vreemdelinge, swakkes en hulpeloses, genoem.

Dit was teen die wet om weeskinders te benadeel (Eks 22:22). In Johannes 14:18 gebruik Jesus Christus die woord *weeskinders*, wanneer Hy Sy dissipels verseker dat Hy hulle nie soos weeskinders sal agterlaat nie, maar sal aanhou om vir hulle te sorg.

Dit laat dus nou die kernvraag ontstaan:

Aan wie word die emosionele versorging van bedroefde kinders oorgelaat ?

Die Bybel se gebeure speel meer as twee duisend jaar gelede af. Kinders was deel van 'n familie wat alle ervarings gedeel het. Hulle het die gebruike rondom dood en die uitvoer van begrafnisse geken.

Mense het rustig gelewe. Wanneer daar opwindende dinge gebeur het, het almal saamgedrom. Die kinders het die dood en gepaardgaande rousmart gesien en beleef. In daardie tyd het mense meer dramaties uiting aan hul emosies gegee (Thompson, 1996:93). Om in smart gedompel te wees en te treur was sigbaar – vergelyk Job 3. Jesus was besorg oor kinders en het hulle geseën, selfs nadat sy dissipels hulle wou terughou (Luk 18:16).

Dit is dus nodig om intensief te kyk na die moontlike riglyne wat Jesus t o v die hantering van kinders neerlê. Vir hierdie doeleindes word Lukas 18:16 verder ondersoek omdat dit 'n fokuspunt is waar Jesus Christus kinders hanteer en 'n besondere perspektief daarop open.

## 2.5 EKSEGESE VAN LUKAS 18:16

### 2.5.1 Die plek van die perikoop in die boek

Lukas bestaan uit agt hooftemas (Vosloo & van Rensburg, 1993:1503) nl:

1. Inleiding
2. Die geboorteverhaal
3. Die voorbereidingsverhaal
4. Die Galilea-verhaal
5. Die reisverhaal ( 9:21 – 19:28 )
6. Die Jerusalem-verhaal

7. Die lydingsverhaal
8. Die opstandingsverhaal.

Die perikoop kom in die reisverhaal voor.

2.5.2 Die skrywer

Van die veertig Bybelse skrywers oor 'n tydperk van 1,400 jaar, in drie verskillende tale, was slegs een nie-Joods, naamlik Lukas (Pawson, 2003:675). Lukas was 'n Griek. Hy het in die tweede of derde geslag na die gebeure van Jesus Christus se bediening gelewe.

Die verhaal wat Lukas vertel is klassiek, volledig en georden. Lukas het 'n baie gesofistikeerde Griekse skryfstyl gebruik (Goulder, 1994:115). Lukas vorm met hierdie evangelie 'n eenheid met Handelinge. In Handelinge word sy latere verhaal, wanneer hy Paulus op sy reise vergesel weergegee (Goulder, 1994:129).
Alhoewel Lukas 'n geleerde man was, het hy sy evangelie so geskryf dat die hele Griekse wêreld dit kon verstaan. Lukas het die Joodse tradisie en geografie geken en kon die verhaal dus ook aan die Jode oordra (Grün, 2003:2).

Lukas se skryfstyl beskryf nie emosie nie, maar vertel van mense se reaksie (Grün, 2003:15).

2.5.3 Die doel van die boek

Grün (1994:3) wou met sy studie uitvind wat die dokter, Lukas, gemotiveer het om met soveel energie en harde werk die geskiedenis van Jesus Christus na te vors en op te teken. Hy kom tot die gevolgtrekking dat Lukas aangeraak is deur Jesus Christus en die boek geskryf het sodat sy lesers deur dieselfde Gees van God gelei sal word .

Lukas het aan die begin van sy boek opgeteken dat hy die verhaal wil ondersoek en stap vir stap die werklikheid wil beskryf (Luk 1:3-4). Daar is verskeie menings oor wat die doel van die Lukas-evangelie was.

Balchin (1993:191) beweer dat Lukas die aksent op Jesus Christus se universele menslikheid plaas, m a w dat Hy die Verlosser van die hele wêreld is, terwyl Unger (1983:39) Lukas "the human gospel" noem. Van der Watt en Joubert (1999:175) meen dat die boek Jesus Christus teken as die een wat medelye het met stukkende mense. Deur die keuses wat Lukas maak wanneer hy verhale vertel, wys hy sy empatie met mense. Hy het nie net met siekes nie, maar ook met die armes, hulpeloses, verwerptes, onderdruktes, vroue en dan, kinders empatie gehad.

Die doel van Lukas kan dus volgens die navorser opgesom word as:

- *'n weergawe van die gebeure tydens Jesus se aardse lewe.*
- *Jesus Christus se empatie met die mensdom.*

2.5.4 Die plek van die boek in die Bybel

Lukas is die derde van die Sinoptiese Evangelies in die Nuwe Testament en word ook beskryf as *Kerugmaties Histories* met ander woorde die "keoros" of "boodskapper" wat die feite van die gebeure rondom die optrede van Jesus op aarde neerskryf.

2.5.5 Die plek van die perikoop in die verhaal

Soos reeds aangedui, is hierdie perikoop (Luk 18:16-17) in die middel van die reisverhaal van die Evangelie. Lukas teken hier Jesus Christus se reise tussen Jerusalem en Betanië in die week voor sy kruisiging op. Dit sluit ook gelykenisse en kort prekies in wat verduidelik wie God is en wat Hy van sy kinders vra. Die gebeure speel in Perea, Oos van die Jordaan, af. Al was die roete na Jerusalem korter deur Samaria, het Jesus Christus en sy dissipels soos die Jode, as gevolg van die kulturele situasie met die Samaritane, 'n ompad na Jerigo en dan die hoofstad gevolg (Vosloo & Van Rensburg, 1993:1559).

Lukas plaas hierdie gedeelte net na die gelykenis van die Fariseër (Luk 9-14) en die tollenaar, maar voor die vraag van die ryk jong man (Luk 18-30). Albei gedeeltes handel oor die insluiting in God se koninkryk.

2.5.6 Genre van die perikoop

Die boek Lukas, wat bogenoemde perikoop insluit, is in die verhalende of narratiewe vorm geskryf. Grün (2003:7) het die verhaal opgeteken as: "narrative theology".

2.5.7 Politieke, sosiale, en godsdienstige omstandighede van die karakters in die perikoop

2.5.7.1 Politieke omstandighede

Daar was redelike politieke stabiliteit in die Romeinse ryk terwyl die Messias op aarde was. Keiser Tiberias was in beheer van die wêreldryk (14 -37 'n C). Hy het op die eiland Capri gewoon, was bekend vir sy pligsbesef en gehoorsaamheid en al ouer toe hy die heerskappy op 56 jarige ouderdom by keiser Augustus oorgeneem het. Augustus, wat geen lewende erfgename gehad het nie, het sy oudste stiefseun, nl. Tiberius, as sy opvolger benoem (Tenney, 1977:747).

Alhoewel Tiberias se ongelukkige persoonlike lewe, baie jare van verwerping en herhaalde teleurstellings hom sku en teruggetrokke gelaat het, was hy 'n regverdige heerser wat gesorg het vir goeie militêre en finansiële maatreëls. Hy was bekend as 'n onverbiddelike heerser wat baie van die werk wat sy voorganger begin het, verder gevoer het, onder andere:

- Die algemene gevoel van vrede en veiligheid in die ryk.
- Ontwikkeling van die gesinslewe, waar egpare aangemoedig is om kinders te hê en dus so probeer het om morele verval te ontmoedig.
- Staatsgeldvermorsing, dieregevegte en uitspattige eerbewyse is gestaak.

Tiberias het die beste goewerneurs gestuur om die afgeleë plekke soos byvoorbeeld Palestina te regeer. Die goewerneurs wou ten alle koste die keiser se guns behou. Juis om hierdie rede was die goewerneur van Palestina, Pilatus, so besorg toe hy tydens Jesus Christus se verhoor gedreig is met vyandskap van die keiser. Die muntstuk wat in Matt 22:19 aan Jesus gebring is, het sy beeld op gehad (Tenny ,1977:747).

2.5.7.2 Kulturele omstandighede

Van der Walt (2006:71- 73) beskryf die gebeure waaruit die perikoop kom soos volg:

Die Joodse volk was in 'n opboufase van hul Messiaanse verwagting. Hulle het geglo dat die beloofde Messias 'n aardse heerser sou wees wat hulle van die juk en onderdrukking van die Romeinse wêreldmag sou bevry. Hulle het die belofte in Jesaja 52 dus as 'n politieke ingryping, en nie 'n persoonlike redding nie, verstaan.

Daar heers 'n atmosfeer van afwagting want die gebeure speel die week voor die viering van Paasfees af. Baie Jode was op pad na Jerusalem om die tempel te besoek en offers te bring.

Die hele Joodse volk het al gehoor en gepraat van Jesus Christus. Gerugte van wonderwerke en die aanhang wat Hy gehad het, het mense opgesweep en die vraag laat ontstaan of Hy nie dalk die beloofde Messias kon wees nie.

Jesus Christus was besig met sy laaste reis na Jerusalem. Nadat Hy vrae van die Fariseërs beantwoord en mense geleer het, gaan rus Hy en Sy dissipels. Volgens Markus vind die gebeure in 'n huis plaas (vgl. Mark 10:17). Dit is dan hierheen waar ouers hul kinders bring, sodat Hy hulle kan seën.

2.5.7.3 Die fisiese gebeure

Die ouers het hul kindertjies uit hul eie gebring en ander het gevolg. Daar was dus 'n toeloop van mense wat die seën van Jesus Christus kom vra het. Wanneer Hy egter opmerk dat daar nie meer kindertjies na Hom gebring word nie het Hy besef dat dissipels die aanloop van ouers teenstaan en het Hy hulle onmiddellik berispe.

Soos volksgodsdiens-aanhangers maar optree, het mense na Hom gekom om te sien watter voordeel hulle daaruit kon kry. Hulle wou hê dat die man wat so 'n beroering veroorsaak, hul kinders moet seën. Die siening dat ouers hul kinders uit bygeloof na Jesus Christus gebring het omdat Hy sogenaamde 'magiese' krag besit het, is ongegrond. Met reg beweer Lenski (1961:907) dat Hy hulle drasties sou aanspreek en wegstuur, sou dit wel die geval wees. Hulle bring die kleintjies om aangeraak te word as 'n teken van Jesus se salwing met Sy genade en Gees. Ouers se ware liefde kom juis na vore wanneer hulle besorgd is oor hul kind se siel (Henry, 1991:1891).

Du Plessis (1998:210) meen dat dit die kind se *swakheid* en *onmag* is wat hier voorgehou word. Die helfte van die kinders wat in daardie tyd gebore is, het nie langer as vyf jaar geleef nie. Slegs veertig persent het die ouderdom van twintig bereik. 'n Egpaar sou dus vyf kinders moes hê om twee kinders groot te kon maak (Du Plessis, 1991:210)

Dit was nie 'n onbekende gebruik in die Joodse gemeenskap om deur die hoof van die familie geseën te word nie. Die oplê van hande was 'n seremonie, waar liefde en vertroue, gemeng met mag en gesag, teenwoordig was (Henry, 1991:1711) en dit bring genesing deur die werkende krag van God se Heilige Gees (Grün, 2003: 41).

Tog het die dissipels gevoel dat daar inbreuk op hul Meester se privaatheid gemaak word. Hulle het, belangrik in hul eie oë, nie van die onverskillige houding waarmee hul Meester genader is, gehou nie. Daar was ook 'n onrustigheid oor die dae wat voorlê, omdat hulle nie geweet het wat om te verwag nie. Dus probeer hulle keer dat Hy onnodig gesteur word .

Soos Bentley (1992:245) egter in sy kommentaar skryf :

> *" ... the Lord had other views on the subject."*

2.5.8 Die teks van Lukas 18:16 en 17

> "Maar Jesus het die kindertjies nader geroep en gesê: ' Laat die kindertjies na my toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koningryk van God is juis vir mense soos

hulle. Dit verseker ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.'"

2.5.9 Kernvers : Lukas 18:16 b ".. en moet hulle nie verhinder nie"

2.5.9.1 Kommentaar

Hierdie negatiewe opdrag beklemtoon die positiewe. Lenski (1961:908) beskryf dit so :

*" When an action has already begun, the negative present imperative orders it to stop "*

Markus beskryf Jesus Christus se reaksie as "verontwaardig", terwyl Lukas noteer dat Hy met die dissipels "geraas" het. Lester (1985:38) bepaal dat die Griekse woord wat Christus se reaksie beskryf 'n hoë intensie, emosioneel gelaaide woord was. Volgens Van der Watt en Joubert (1999:268) word die Leermeester se reaksie in die perikoop so aangeteken: *"Wag! Wat vang julle aan?"*

2.5.10 Openbaringshistoriese plek van die perikoop

Lukas het die Evangelie van Markus gebruik as een van sy betroubare bronne (Vosloo & Van Rensburg, 1999:1242). Hy gebruik ook soos Markus (9:36-37, 10:13-16) beskrywings waar kinders pertinent uitgesonder word.

Vosloo en Van Rensburg (1993:1561) verwys na die volgende gedeeltes:
18:15 Matt 19:13-15 ; Mark 10:13-16. Hierdie gedeeltes beskryf dieselfde gebeure as Lukas.

Goulder (1994:667) is van mening dat Lukas nie in die kinders self belangstel nie, maar dat Jesus Christus die moreel van die mensdom wil verander.

18:17 Matt 11:25. Die woorde van Jesus waar Hy die Vader prys omdat dinge wat vir slim en geleerde mense verberg was, wel aan eenvoudiges (kinders) bekend gemaak is.

Al word die teks van Matt 11:25 deur Vosloo en Van Rensburg (1993:1561) as 'n ander verwysing aangegee, word in hierdie gedeelte 'n heeltemal ander situasie beskryf. Dit gaan hier oor die mense vir wie Jesus Christus bid, nl slim mense, geleerdes en eenvoudiges.

Wanneer die dissipels later in Matt 18:3 vir hul Meester vra wie die belangrikste in die koninkryk is, antwoord Hy hulle dat hulle soos kinders moet word om die koninkryk te ontvang. In Matt 18:6 gaan Jesus Christus dan verder deur te sê wie 'n kindjie in Sy naam ontvang, Hom

ontvang. Hy gee ook 'n ernstige waarskuwing, sou iemand 'n kind afvallig maak. Lukas 9:46-47 beskryf dieselfde gedeelte.

Jesus Christus gebruik hier 'n kind as leerhulpmiddel en gee in hierdie gedeeltes leiding oor die waarde wat kinders besit (Bently, 1992:245). Die dissipels behoort dan nou met kinders te kan identifiseer, soos ook in Matt 25:40-45 wanneer daar ook weer van die *geringstes* gepraat word.

In die gelykenis van die verlore skaap (Matt 18:10 -14) waarsku die Herder dat kinders nie geminag moet word nie en gee die versekering dat dit die Vader se wil is dat hulle gered sal word.

Aan die einde van die gelykenis van die verlore skaap (Matt 18:14) verwys Hy weer na kleintjies wat in hierdie geval die verlorenes in 'n gemeenskap is.

In hul kommentaar op die bogenoemde verwysings wys Dunn & Rogerson (2003:1087) dat die by-betekenis wat aan hierdie gedeeltes geheg word, oormatig verromantiseer en buite verband aangewend word. Hul mening is dat daar geen addisionele karaktereienskappe soos onskuld, eenvoud, vertroue, afhanklikheid en openheid aan die teks geheg kan word nie. Dit gaan, volgens bogenoemde skrywers, in die gelykenis van die verlore skaap slegs oor *nederigheid.*

Vanuit bogenoemde navorsing kan dus afgelei word dat kinders in daardie leeftyd geen status of mag gehad het nie. Net so, leer Jesus Christus dat diegene wat in God se Koninryk wil lewe, hul reg op status en posisie sal moet prysgee.

Wanneer daar na die ooreenstemmende skrifgedeeltes in Matt 19 en Markus 10 gekyk word, lees ons dat Markus beskryf hoe Jesus Christus die kinders in Sy arms geneem het. Hul ouers, versorgers of onderwysers het verwag dat Hy hulle sou aanraak, maar Hy tel hulle op en hou hulle in Sy arms (Lester,1985:40).

Henry, (1991:1800) vergelyk die gedeelte met Jes. 40:11 waar die beeld van versorgende herder ook gebruik word:

*"die lammers maak Hy bymekaar in sy arms en Hy dra hulle teen sy bors".*

2.5.11 Die karakters en die geloofskeuses wat hulle moet maak

Die teks beskryf vier groepe of karakters nl.;

- Die *ouers* wat hul kindertjies na Jesus bring

- Die *dissipels* wat nie wou toelaat dat Jesus gesteur word nie
- Die *kinders* self
- en *Jesus Christus*

Ouers wou deur die eeue heen slegs die beste vir hul kinders hê. "Every father knows what is good for his children" (Grün, 2003:73). Omdat die lewensverwagting van kinders gedurende die Bybelse tyd nie baie hoog was nie, wou hul moeders en vaders, wat gehoor het van Jesus Christus se genesings, hul kinders in *geloof* bring sodat Hy hul kleintjies kon seën om sodoende 'n addisionele "beskerming" teen siekte en ongelukke te verseker. Dit was inderdaad 'n veilige plek om hulle heen te bring. Waarvan die ouers nie eens bewus was nie, was dat Hy hulle nie net fisiek geseën het nie, maar ook ingesluit het in die koninkryk van God.

Die keuse wat die dissipels tov die betrekking van kindertjies by die insluiting in die koninkryk wou maak, word egter vir hulle gedoen. Jesus Christus verhef die kinders selfs hoër as die omstanders deur sy woorde: "*die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle* "
(Matt 18:16 b).

Die kinders het geen begrip of keuse nie; al was die Joodse kinders reeds in die ou verbond ingesluit, het die ouers dit nog nodig geag om hulle na Jesus Christus te bring, sodat hulle deur die Messias aangeraak kon word.

### 2.5.12 Boodskap van die perikoop

Die boodskap van Lukas is dat Jesus Christus die Verlosser van die wêreld is (Pawson, 2007:786).

*Die navorser is van mening dat die kern van die perikoop daarin lê dat Jesus Christus Hom met kinders bemoei. As die kinders dan uit eie vrye wil na Jesus Christus toe kom, moet volwassenes hulle nie keer nie.*

Wat egter van toepassing is vir die doel van hierdie studie, is die feit dat Jesus Christus die uitsluiting van kinders *sterk afkeur.* Hy roep hulle nader, nooi hulle uit om tyd met Hom te spandeer en met Hom te praat (Lester, 1985:39). Hy lê hulle die hande op, (Matt 19:15) omarm en seën hulle (Mark 10:16).

### 2.5.13 Openbaring oor God

In Luk 2:18-19 is God en Christus eksplisiet sigbaar as:

- God die Vader wat die onderhouer van die hemelse Koninkryk is. Hy is egter ook die regeerder of koning.

- Dié Jesus Christus wat betekenis gee aan ons bestaan, ons wonde genees en ons na die ware lewe lei (Grün, 2003:3).

As ons egter ook na Matt 18 :10 kyk, sien ons dat Jesus Christus in hierdie verband ook al gesê het wat die wil van God is, nl. dat kindertjies nie verlore mag gaan nie en terselfdertyd sluit Hy volwassenes in. Jesus Christus verwag nie dat die dissipels of aanhoorders soos kinders moet word nie (Gaird, 1963:204). Hy gee aan hulle die opdrag dat hulle die karaktereienskap van *ontvanklikheid* moet hê.

2.5.14 Kinderlikheid

Volwassenes kan daarby baat vind om die *eienskappe van 'n kind te behou.* As ons kyk na die gesindheid wat volwassenes moet besit om wel die Koninkryk van God binne te gaan, word gedeeltes van Ps. 132:2 gereflekteer.

Kinderlike eienskappe is nie in die antieke wêreld geromantiseer nie (Noland, 1993:882). Noland beweer dat die kinderlikheid wat in hierdie perikoop beklemtoon word, ook beskryf kan word as 'n oproep *om nederig te bly* .

Hy lig die eienskappe van kinders wat gelowiges behoort na te streef uit as oa:

- Openheid.
- Gewilligheid om te vertrou.
- Pretensieloosheid
- Bereidheid om afhanklik te wees.

Halley (1965: 519) dui die eienskappe van 'n kind soos volg aan: leergierig, vertrou maklik, vry van geestelike hoogmoed, ongesofistikeerd en liefdevol.

Die sterk teenstelling met die aanspraak op aandag wat die Fariseërs in die voorafgaande verse maak, kom duidelik na vore (vv. 11-12).

Die koninkryk van God is vir almal bedoel. Volgens Lenski (1961:907) wys die werkwoorde in die teks dat Jesus die kindertjies een vir een aangeraak het: God se koninkryk is beskikbaar vir elke indiwidu, om dit met onbedekte vreugde te ontvang soos 'n kind 'n geskenk aangryp.

2.5.15 Verlossingsfeite

Die woord, "Eudokia", word vertaal as: *"God's favour, God's loving care for human beings".* God het aan die mens Sy liefde gewys deur die geboorte van Jesus Christus (Grün, 2003:29).

- Kinders is ingesluit in God se koninkryk, nie as onvolledige volwassenes nie, maar as deel van God se familie.
- Mense wat die koninkryk van God wil ingaan, moet dit ontvang soos 'n kind.

Insluitend in die perikoop is ook die volgende implikasies:

- Die oproep aan alle *versorgers* van kinders om nie in hul pad te staan om wel met Jesus kennis te maak en sy liefde te ontvang nie.
- Die koninkryk van God is vir almal beskikbaar.
- Jesus is beskikbaar vir enige persoon wat Hom nader.

Daar is 'n duidelike waarskuwing aan die eerste aanhoorders van Jesus se woorde:
Mense kan nie besluit wie geskik is vir die koninkryk van God nie.

2.5.16 Lukas se menslikheid

Lukas se skryfstyl beskryf nie emosie nie, maar wel die mense se reaksie (Grün, 2003:15). Hy het dus mense verstaan. Geen wonder dat sy boek deur Pawson (2007:852), *"A human Gospel",* genoem word nie. Lukas gee dus insig in die gevoelswêreld van die mense wat in die Bybelse tyd geleef het

Grün (2003:11-13), meen dat Lukas nie instruksies aan mense gee nie, maar genesing vir mans en vroue wil bring. Hy glo dat Lukas Jesus Christus sien as die Geneesheer wat mense se pyn en wonde verminder en hul waardigheid terug gee. *"Jesus is the physician who raises us up to our true dignity".*

Lukas het meer belangstelling in mense gehad as enige van die ander Evangelieskrywers (Pawson, 2007:844). Hy het die volgende groepe uitgesonder:

- Samaritane
- Nie-Jode
- Uitgeworpenes.
- Armes

- Sondaars

Lukas beskryf die maagdelike geboorte, Jesus Christus se verskyning as jong seun in die tempel en nog drie verhale van kinders nl., van die dogtertjie van Jaïrus (Luk 8:41), die seun wat Jesus gesond maak (Luk 9:38) en die opwekking van die seun van die weduwee van Nain (Luk 7:11-17).

Lukas maak nie net erns met die probleme van kinders in die gekose perikoop nie, maar ook in ander gedeeltes van sy boek.

2.5.17 Eie tersaaklike sosiohistoriese konteks

'n Bybelse berader kry in die praktyk meestal te doen met mense wat kom soek na antwoorde op hul lewensvrae, oplossings vir probleme en advies oor hoe om pyn en verlies te verwerk.

Waar die navorser meestal met kinders te doen kry, is die opvallendste probleem juis dit, dat volwassenes dit as vanselfsprekend aanvaar dat kinders aan moeilike situasies gewoond sal raak en sal leer om daarmee saam te leef. Ware feite word ook verbloem, omdat ouers soms glo hul kinders sal skade ly. In die proses word feite waninterpreteer, informasie weerhou, die kind fisiek weggestuur of geïgnoreer (Lester, 1985:59).

Verlies is traumaties (Guinta 2002:244).Volgens die *Soul Care Bible* (Clinton, 2001:1233) is *verlating* een van die twee kategorieë van trauma. Trauma word dus ook ervaar wanneer ingryping of versorging net nie gebeur nie. Kinders wat getraumatiseer is deur die dood van 'n geliefde, kan dan sekondêre trauma beleef as hulle nie gehelp en ondersteun word in die rousmart belewing nie.

Jesus Christus se seën en omarming is vandag nog net so aktueel. Unger (1983:393) beskryf dit so: *"Jesus' blessing of the little children is closely connected in the context. They are the real victims of the hurt of divorce and adultery."* Net soos daar ná egskeiding verlating plaasvind, gebeur dit ook ná die verlies van 'n geliefde persoon se lewe.

Sulke ervarings kan ook lei tot emosionele-, skolastiese-, gedrag- en verhoudingsprobleme.

Toegepas op Luk 18:15-17

Soos in die geval van die ouers van wie Lukas skryf, is dit natuurlik dat ouers hul kinders wil beskerm; ook teen emosionele pyn. Daarom word rousmartsituasies dikwels nie emosioneel hanteer nie.

Die soeklig van die perikoop fokus op kinders wat genesing nodig het. Die beginsel van Luk 18:15-17 beteken vandag dus ook dat onverwerkte rousmart by kinders aangespreek behoort te word.

2.5.18 My doen en uitvoering van God se wil

Die navorser se vertrekpunt is dat Jesus Christus se voorbeeld nagevolg behoort te word.

Sy benadering tot kinders was radikaal. Lukas meen dat Jesus Christus se houding teenoor kinders simpatiek en sag was in teenstelling met die algemene Joodse benadering dat hul kinders outoritêr en streng behandel moet word; Hy seën, genees en gebruik hulle as voorbeelde in Sy lering.

Ons sien ook dat Jesus Christus se optrede Sy prediking aanvul:

*"Jesus practiced what He preached. His ethic of caring for the marginalized of society is evident throughout the Gospels. Nowhere was this trend more evident than in Jesus' compassion for children"* (Sisemore & Moore, 2002:318). In hul artikel vra die skrywers dat die voorbeeld van Jesus Christus se aardse bediening die basis moet vorm van meer navorsing en die opleiding van jeugwerkers mbt kinders se geestelike gesondheid.

Jesus Christus se belangstelling en teerheid word ook geïllustreer in ander situasies waar Hy met hulle te doen kry nl. :

- Wanneer hy verwys na kinders wat tydens troues en begrafnisse in die markplein speel (Luk 7:31).
- Wanneer Hy weier om kinders stil te maak as hulle "Hosanna" tot sy eer sing in die tempel (Matt21:15).
- Sy aanhaling uit Psalms nl. "uit die mond van suigelinge" (Matt21:16).

Ons sien dus dat Jesus Christus in sy omgang met kinders, alle volwassenes leer dat kinders se geloof ernstig opgeneem moet word, want daarin lê die geheimenis van oorgawe. Hy het gekom om almal wat swaar kry, te help; die armes, die siekes, die verdruktes, die vroue en kinders.

Die uitkoms van die studie van die perikoop wys duidelik:

- Kinders moet ingesluit en liefdevol ondersteun word in die tyd wat volg op die dood van familie of vriende, asook ander krisesse.
- Wanneer ouers in 'n verhouding met Jesus, die geneesheer, staan, bring hulle die kinders in gesprek en gebed na Hom en kan hulle met reg staatmaak op seën en genesing van emosionele pyn.

## 2.6 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING.

Hierdie hoofstuk behels die basisteorie van hierdie studie. Aan die begin van die hoofstuk word ondersoekend gekyk na die gebruike rondom afsterwe, die smartuiting van geliefdes, onreinheid, begrafnis en die daaropvolgende routydperk gedurende die Ou en Nuwe Testamentiese tye.

Daarna word tot die gevolgtrekking gekom dat, alhoewel kinders nie direk betrokke was by rituele rondom sterftes in die tydperk van die Bybel nie, hulle tog nie daarvan uitgesluit was nie. Kinders was deel van alle gebeure in die gesins- en familieopset.

Dit is in 'n kind se natuur om te aanvaar dat dit wat hy ontvang goed vir hom is. Hulle vertrou versorgers onvoorwaardelik. Die verantwoordelikheid van smart-, rou- en troosbegeleiding hang dus van die versorgers van kinders af.

Soos die kernvers (Lukas 18:16) benadruk, is dit juis wanneer *ignorering, onbetrokkenheid en uitsluiting* nie plaasvind nie, dat die natuurlike verloop van rousmart by kinders kan volg.

Die navorser kom dus vanuit die basisteorie tot die slotsom dat:

- vrae van kinders oor die dood eerlik en eenvoudig beantwoord moet word,
- rituele rondom die afsterwe van mense bekend aan die kind, verduidelik moet word,
- hulle bygestaan en ondersteun moet word tydens die uitoefening daarvan.

# HOOFSTUK 3

# LITERATUURSTUDIE OOR DIE VOORKOMS VAN ROUSMART BY KINDERS.

## 3.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk behels die metateorie van hierdie studie. Daar word ook ondersoek gedoen na die agtergrond van die begeleiding van die kind met rousmart en die gevolge in die lewens van kinders wie se rousmart nie verwerk is nie.

## 3.2 WAT IS METATEORIE?

Die metateorie ondersoek die raakvlakke wat met die ander teorieë gedeel word (Heyns & Pieterse, 1990:51; Venter, 1993:247). Met hierdie studie word beskouings in Psigologie en Pedagogiek wat relevant is omdat albei vakgebiede areas van die leefwêreld van die kind bestudeer, ook bespreek.

## 3.3 DOELWITTE VAN HIERDIE HOOFSTUK

Die doelstellings van hierdie hoofstuk is om:

3.3.1 Die begrip "rousmart" te verduidelik.

3.3.2 'n Oorsig van rousmart en die hantering van kinders tydens sterftes in die verlede te gee en dus lig te werp op die oorsaak van onverwerkte rousmart.

3.3.3 Die stand van navorsing oor die gevolge van onverwerkte verlies, soos beskryf in die deelwetenskappe, Psigologie en Pedagogiek, te ondersoek.

## 3.4 DIE BEGRIP – ROUSMART

Gous, (2005:12) verduidelik in sy boek oor rousmart, dat die woord "rou" twee betekenisse kan hê nl. die *"proses van rou"*, en die *"toestand van 'n wond"*. *"Albei bevat rou pyn, 'n seerkry, en albei benodig tyd en behandeling voordat daar tog genesing kom."* (Gous, 2005:133).

Alhoewel die navorsing deur de Klerk,(1968) lank gelede gedoen is, is dit steeds van toepassing. De Klerk (1968:19) blyk die eerste navorser te wees wat die term *"rousmart"* gebruik het, want hy verwys in sy verduideliking nooit na ander bronne nie

Bogenoemde skrywer gee 'n duidelike uiteensetting van hierdie begrip en verduidelik dit soos volg: Daar is geen Afrikaanse woord wat hierdie situasie omskryf nie. Die term, rousmart, word glad nie in woordeboeke gevind nie. In Engels word die woord *"grief"* gebruik wat 'n breër omskrywing as net *smart, droefheid of treur* het. Die woord "rou", wat in die Skrif gebruik word, het 'n wyer betekenis, (Odendal en andere, 1981:919) nl. *droefheid en afsondering na die dood van 'n dierbare*, (vgl Gen 50:11.) Die saamgestelde woord, *rousmart,* kan dus samevattend die emosies van *pynlike verlange, wee, hartseer, leed, verdriet en pynlike aandoening van die gemoed,* weergee (De Klerk, 1968:19).

Shaw (2002:18) gee voorkeur aan die begrip "droefheid" maar vir die doel van hierdie studie verkies die navorser om die saamgestelde woord, *rousmart*, wat die intense emosie na die dood van 'n geliefde en die proses van afskeid wat persone ervaar, insluit.

## 3.5 GESKIEDKUNDIGE OORSIG OOR DIE HANTERING VAN DOOD EN ROUSMART – VERAL WAT KINDERS BETREF.

In die Victoriaanse tydperk, waarna baie literatuur verwys, is daar heeltemal anders rondom die ervaring van dood en die rituele daarna gehandel. Farrant (1998:4) verwys na sekere gebruike in daardie tyd:

- Gordyne is toegetrek.
- Die liggaam van die afgestorwene is by die huis in 'n kis uitgelê sodat vriende en familie hul laaste respek kon kom betoon.
- Rouklere, ringe en borsspelde versier met hare van die afgestorwene, is gedra.
- Mense in die strate het stil gaan staan en mans het hul hoed in eerbied afgehaal om respek en eer te betoon wanneer 'n stoet verbygaan.

Omdat die gebeure tuis plaasgevind het, het die kinders al die bedrywighede tydens 'n sterfgeval gesien en selfs daaraan deelgeneem. In die vorige eeu was die sterftesyfer onder kinders ook hoog. Daarom het kinders met die idee grootgeword dat sterfgevalle algemeen is en dat al hul broers en susters nie noodwendig vir altyd sal bly leef nie. Dit was selfs die gebruik dat kinders nie name gekry het voor hul eerste jaar nie, sou dit gebeur dat hulle nie bly leef nie (Silberman, 2000:11).

Farrant, (1998:6) beskryf verder dat boeke soos "Little blind May" en "Little Dot" deur die "Religious Tract Society" in die vorm van stories uitgegee is, wat gehelp het met die bewusmaking van kinders oor die belewing van pyn en smart.

Sedert die negentiende eeu is die filosofiese en teologiese perspektiewe oor die voorkoms en gebruike rondom sterfgevalle sterk beïnvloed deur die ontwikkeling van die mediese wetenskap. Lewensverwagting was hoër en daar was meer beheer oor siekte en gesondheid (Silverman, 2000:12). Begrafnisondernemers het die versorging van die oorledene begin oorneem. Huise het kleiner geword en die spesifieke plek waar die liggaam van oorledenes tuis gehou is, het begin verdwyn. Die belewing van dood het van die huis na die hospitaal verskuif (Davies, 2005:70).

Die algemene siening oor dood en die hantering van kinders in so 'n situasie het begin verander. Gedurende die laaste dekades het die idee posgevat dat dit ongesond vir kinders sou wees om by dood betrokke te wees.

Daar was dus 'n tydperk tot voor die sestigerjare waar sake rondom rousmart nie bespreek is nie. Davies (2005:170) beskryf die twintigste eeu as 'n tydperk wanneer die dood onnoembaar word. Voor die sestigerjare van die vorige eeu het geestesgesondheidswerkers nie geglo dat kinders rousmart ervaar nie (Silverman, 2000:19).

Sedert die werk van Kübler-Ross, (1969) is mense meer aangemoedig om oor naderende dood en verlies te praat. Volgens Kübler-Ross (aangehaal deur Rathus & Nevid, 1999:530), word kinders weggeneem en dan beskerm teen die angstigheid en ontsteltenis gedurende 'n sterfgeval tuis.

Dit blyk dus dat daar wel literatuur bestaan wat ouers, familie en versorgers toerus oor hoe hulle die kinders gedurende die afsterf van 'n geliefde moet ondersteun. Die navorser is egter van mening dat dit steeds nie die algemene gebruik is nie en sal aandui dat daar dikwels nie eerlik en openlik met kinders oor die dood gepraat word nie.

## 3.6 ONVERWERKTE ROUSMART BY KINDERS.

### 3.6.1 Die gevolg van wetenskaplike ontwikkeling

Die volgende afdeling poog om aan te toon dat dit voorkom of daar 'n *tydperk* was toe die erkenning van dood verander het. Lester (1995:28) verduidelik die rede waarom kinders nie toegelaat word om deel van die rousmart- gebeure te wees nie. Hy skryf dat daar sedert die depressie van 1930 in die Westerse kultuur 'n neiging ontwikkel het om "kindskap" te romantiseer. Die redes hiervoor, volgens hom, was:

- Met die verlies van soveel lewens as gevolg van die 1918-griep en die algemene swak gesondheidstoestande, ontstaan 'n "kinderfiksasie" na die 1930-depressie, omdat kinders wat bly leef het, uitsonderlik was.
- As gevolg van voorkomende medikasie het kindersterftes verminder.
- Algemene finansiële vooruitgang na die Tweede Wêreldoorlog.
- Verstedeliking wat veroorsaak het dat kinders nie meer op plase woon nie, minder moes werk en "besig" gehou moes word.
- Moeders het begin fokus op al hul kinders se behoeftes en aktiwiteite.

Die gevolg is dat kinderjare deur volwassenes gesien is as *onskuldig, sorgvry, en sonder bekommernis*. Dit wil dus voorkom of die kind se angs, vrees, hartseer en selftwyfel dan ook vir 'n tydperk vermy is, omdat kinders oorbeskermd was.

Dit is dus ook begryplik dat dit in die moderner tye minder algemeen is om 'n ouer of familielid op 'n relatief jong ouderdom aan die dood af te staan (Wass, 1991:27). As gevolg van die kleiner gesinne in Westerse lande, hoër lewensverwagting en vinniger mobiliteit, word min kinders direk geraak deur selfs die verlies van 'n grootouer.

Kalish (1995:222), beweer dat die Westerling baie hard probeer om die onskuld van kinders te behou en so word die kind se rousmart nie aangespreek nie. Dit word nie slegs behou nie, maar daar word daarop aangedring. Volwassenes sou dus ook probeer om hierdie kunsmatige onskuld te bewys. Hierdie argument word ook gesteun deur Bridger (2004:67) wat skryf:

> *"..contemporary society represses all thoughts of death, desperately shielding itself from the reality and horror of its own mortality".*

Die navorser vind dit interessant dat daar ten spyte van die geweldige hoeveelheid blootstelling aan televisie en rolprente wat tonele oor die afsterf van geliefdes wys, steeds kinders is wat onverwerkte rousmart beleef.

Die volgende menings sal dalk die redes verduidelik:

### 3.6.2 Wanvoorstelling in die media

In die verbeeldingswêreld van kinders wat verder gevoer word deur televisie en rolprente, word "lewende dooies", voorgestel waar sekere karakters nie sterf soos gewone mense nie (Davies, 2005:146). Die dood wat kinders deur die media beleef, is dikwels verwronge en onpersoonlik (Wass, 1991:22). Gewelddadige moordtonele gee die kyker nie die insig in die pyn en rou van die oorlewendes nie. Spotprentkarakters wat weer en weer lewendig word, versterk die idee dat dood tydelik, selfs snaaks, is (O'Conner, 2004:22).

Die volgende vraag ontstaan dus by die navorser:

*Wat maak kinders met hierdie kennis en berei dit hulle voor vir die werklike ervaring van rousmart ?*

### 3.6.3 Waarom is daar dan nie 'n direkte belewing van die dood nie ?

Kinders hoor dat mense sê iemand is dood. Soos reeds vroeër vermeld, gaan mense ook "dood" op televisie. Gewaarwordinge van die rousmart begin dikwels eers later werklike betekenis kry wanneer die kind 'n eie familielid verloor. Omdat die belewing van rousmart nie meer openlik gewys word nie, voel die kind skaam, alleen en verneder wanneer sy portuurgroep dikwels glad nie met die situasie vertroud is nie. Dit gebeur omdat die gewone kind nie meer ondervinding van dood het nie. Wass, (1991:21) wys daarop dat dit belangrik is dat kinders die balans tussen die wanvoorgestelde en die meer natuurlike dood moet leer en onderskei.

## 3.7 ONTNEEMDE ROUSMART

Kinders onttrek hulself dikwels uit 'n vreemde situasie. O'Conner (2004:109) beskryf die rousmart van kinders soos volg: *"Children are often the silent mourners".* As die stilte gesien word as 'n onvermoë om te begryp wat gebeur, ontsien versorgers van kinders die moeite om hulle te betrek. Lily Pincus word deur Farrant (1999:126) soos volg aangehaal:

*"To pass over death in silence and offer no explanation of the disappearance of a wellloved member of the family can cause psychological damage that plagues a child when grown up."*

Bogenoemde ontkenning blyk vernietigend te wees, want soos O'Conner (2004:29) beweer, is die optrede wat ouers, familie en vriende "sterk" noem, niks anders as onverskilligheid, koudheid en 'n gebrek aan liefde nie.

Neem byvoorbeeld die woorde wat dikwels gehoor word:

*" Ons sal sterk wees en nie huil nie. As ons dan moet treur, sal dit privaat wees sodat ons nie 'n las vir ander is nie "* (O' Conner, 2004:29).

Dit kom dus voor asof dit die volwassenes is wat besluit om die kinders nie by die gebeure te betrek nie. Lester (1985:24) gee die redes as : *"Fear and a sence of inadequacy...for others it might have been the press of time.. I think a lack of awareness was more of a reason for neglecting."*

Ander skrywers se opinies is:

- Daar bestaan 'n gebrek aan begrip oor wat dood, smart en rou behels (Sciarra, 2004:218). Die skrywer meen ook dat die kultuur van die blanke Westerling ons nie voorberei vir die dood nie. Die natuur word beheer en dit is moeilik om te erken dat daar uiteindelik geen beheer oor die dood is nie. Mense van kulture wat die natuurlike orde aanvaar, vind dit makliker om die dood se gevolge uit te leef.

- Godsdiensbeskouing kan ook meehelp om dood te ontken. 'n Kind wat die verduideliking: "Oupa is na 'n beter plek toe" hoor, hoor ook dat sy emosionele pyn ongegrond is (Walsh & MaGoldrick, 2004:19).

- Te veel ander dringende sake wat moet aandag kry, laat toe dat kinders uit die rousmartgebeure verwyder word. (Wicks en andere, 1993:203). Tydens 'n rousmartsituasie in 'n familie word daar soveel aandag aan die volwassenes se smart gegee en slegs op die huishoudelike versorging van kinders – soos voeding en skoolbywoning – gekonsentreer, dat kinders selde pastoraal versorg word.

- Kalish (1985:222) meen dat ons mense nie teen die kennis oor hoe pyn kan voel, moet probeer beskerm nie. As ons dit sou doen, sal die angs en pyn, wanneer dit uiteindelik voorkom, net erger wees.

Dit word dus nou duidelik dat kinders ook by die smart- en rou-aktiwiteite by die dood van iemand wat hulle liefgehad het, betrokke behoort te wees.

Grollman (1991:4) beskryf algemene ontkennings van en die moontlike latere gevolge daarvan soos volg:

- Vermyding van die onderwerp van dood tuis, in die kerk en by die skool. Die vals persepsie dat kinders te sensitief is, kan daartoe lei dat die kind as gevolg van 'n kennisgebrek nie begryp wat gebeur nie.

- Ontmoediging van smart. Onderdrukte emosies kan later tot spanning, angstigheid en selfs geestelike wanbalans lei.

- Vertel van halwe waarhede en sprokies. Die kind sal mettertyd die werklikheid besef en dan aandring om die ware feite te hoor. Woorde soos: *weggegaan op 'n lang reis, weg, verlore geraak* of *heengaan,* bevat hierdie element van verdraaiing. Kinders wantrou ook later die volwassene wat nie eerlik met hulle was nie.

- Rolverandering. 'n Jong kind kan nie 'n broer of suster vervang nie. Hulle kan ook nie na die dood van 'n ouer die man of vrou van die huis word nie. Geen bedroefde behoort aangemoedig te word om *dapper* te wees nie. 'n Vals front laat die rouproses baie moeiliker en langer verloop.

- Begrippe en taal bo die kind se ontwikkelingsvlak. Omdat volwassenes self ongemaklik voel om self oor die dood te praat, gebruik hulle dikwels verhewe taal en clichés, wat die kind nie verstaan nie.

## 3.8 ROUSMARTBELEWING VAN DIE KIND

Die verlies van 'n geliefde is altyd *traumaties.* Die gevolge van hierdie verlies het verreikende fisieke, emosionele, verstandelike en psigologiese gevolge (O'Conner, 2004:53). Barton (1999:3) verduidelik dat die traumatiese gebeure uit twee prosesse, nl *skok* en *interpretering* bestaan. Tydens die skokfase is die persoon net besig om die gebeure te oorleef. Daarna begin die interpretering van die gebeure. Die persoon vertel oor en oor wat gebeur het, tot die skok verwerk word en die gebeure deel van die lewe word. Die gevaar bestaan egter dat indien die verwerking van die gebeure geblokkeer word deur ontkenning deur die familie,

geheimhouding of skaamte, die gebeure in die skokfase stagneer. Die gebeure word vaagweg onthou, maar hou aan om die indiwidu se gedrag, denke en gevoelens te oorheers.

Sciarra (2004:219) verwys na Bowlby, wat beweer dat 'n baba van ses maande rousmart kan weerspieël. O'Conner (2004:22) is van mening dat alhoewel babas nie 'n kognitiewe begrip van dood kan hê nie, hulle wel die verlies van die binding met ouers ervaar.

De Klerk (1968:140) meen dat daar verkeerdelik gedink word dat kinders te jonk is om te verstaan. Dit word egter nou algemeen aanvaar dat 'n kleuter tussen 3 ½ en 4 jaar rou kan ervaar. In hierdie belewing van verlies ondervind kinders ook skeidingsangs. "Alleenangs kan hulle so oorweldig dat dit persoonlikheidsontwikkeling kan beskadig" (De Klerk, 1968:140).

Klein kindertjies kan dan as gevolg van die leemte of afwesigheid van iemand regressie beleef, irritasie wys, vrees om kleuterskool toe te gaan of weier om te gaan slaap of aan slapeloosheid ly.

O'Conner (2004:23) skryf dat kinders tussen die ouderdom van 4 en 9 jaar begryp dat dood permanent is. De Klerk (1968:141) beweer dat dit die tyd is wanneer die selfbewussyn en interpersoonlike liefdesbindinge so goed ontwikkel het dat hulle rousmartbelewing ervaar. Daarom is dit so belangrik om die kind deur hierdie proses te begelei. *"When death touches children, the pain can be made more intense by the inability to express grief"* (Sciarra, 2004:218). Omdat kinders soms hul smart verbloem, kom dit vir die oningeligte volwassene voor asof hulle onaangeraak is.

Opsommend kan die reaksies van kinders in die gevallestudies in Farrat (1998:13-67) se navorsing meer lig op die probleme van sulke kinders werp:

- Vervang broer of suster deur soos hy/sy op te tree, klere te dra, self hul gedrag aan te leer, sodat ouers se smart minder kan word.
- Neem verantwoordelikheid vir die verdwyning van suster/broer.
- Toon oordrewe vrolikheid, maw word die nar in die huis om vir die hartseer te vergoed.
- Leef in ontkenning van gebeure.
- Toon simptome van depressie en 'n begeerte om self te kon verdwyn, of in die plek van die broer of suster te sterf.

## 3.9 DIE GEVOLGE VAN ONVERWERKTE ROUSMART BY KINDERS

Sciarra (2004:217) noem dat 50% van kinders wat sielkundige hulp ontvang 'n verlies beleef het. Die skrywer skryf dat die simptome vyf jaar of langer na verlies die volgende kan insluit:

- Skuldgevoelens.
- Depressiewe onttrekking.
- Selfkastyding en geneigdheid tot ongelukke.
- Vrees vir die dood.
- Versteurde idees oor siekte.
- Probleme met kognitiewe funksionering.

Wanneer ontkenning van verlies plaasvind, kan die kind oorafhanklik, onverantwoordelik, hulpeloos en teruggetrokke raak. Atkinson & Field (1995:147) beweer verder dat sulke abnormale rou bekwame ingryping nodig het. Die skrywer waarsku dat die volgende gedrag ook kan plaasvind:

- Mummifisering van die oorledene se besittings en kamer.
- Vergeesteliking, wat eintlik ontkenning behels.
- Kenmerkende depressie wat kronies word.

## 3.10 ROUSMART IN PSIGOLOGIE

### 3.10.1 Inleiding

Die wetenskap van psigologie behels die *studie van die mens se gedrag en denke*. Psigologie is die geskikte wetenskap waardeur mense gehelp kan word om veranderings te maak (Rathus & Nevid, 1999:4). Die navorser stem saam met die siening van bogenoemde skrywers dat die vermoë van 'n persoon om aanpassings te kan maak, nie net fisiek is nie maar ook psigies. In die rousmartsituasie besit kinders egter nie die vaardigheid om self hul probleme te erken en verstaan nie.

### 3.10.2 Die term onverwerkte ousmart in die psigologie

Volgens Dorka (aangehaal deur Kleinke, 1991:134) word die term "disenfranchised" in die psigologie gebruik wanneer daar verwys word na rousmart wat nie openlik erken, in die openbaar getoon of sosiaal ondersteun word nie. Alhoewel die term nie noodwendig soos aangetoon gebruik word nie, word die situasie, onverwerkte rousmart, dus wel in hierdie

vakgebied behandel. Die navorser wil egter wys dat hierdie vakgebied voorbeelde gee van die *gevolge* van die probleem.

3.10.3 Psigologiese gevolge van onverwerkte rousmart

Kinders kan as gevolg van traumatiese gebeure soos egskeiding, dood in die familie, siekte en emosionele of seksuele mishandeling, later in hul volwasse lewe probleme ondervind om blywende verhoudings aan te knoop (McDevitt en Ormrod, 2004:371). Kleinke (1991:132) beklemtoon ook die belangrikheid van rou wat voltooi moet word.

Kleinke *(1991: 132) verwys na* Rando *(1984), se sewe maniere waarop onvoltooide rou kan* manifesteer :

- *Afwesige rousmart* - as gevolg van die skok ontstaan ontkenning van die gevoelens.
- *Geïnhibeerde rousmart* – net sekere aspekte word erken en deurgewerk bv. wanneer die persoon in die staat van ontkenning bly funksioneer.
- *Vertraagde rousmart* – Smart word uitgestel vir 'n onbepaalde tyd. 'n Ander verlies of stresvolle situasie veroorsaak dat die vertraagde rousmart manifesteer.
- *Teenstrydige rousmart* – dit is 'n reaksie waar net sekere emosies die persoon se lewe beheer, soos woede of skuldgevoelens.
- *Kroniese rousmart* – die persoon bly in 'n staat van droefheid wat later kan oorgaan in patologiese reaksies soos depressie, angs en totale onttrekking.
- *Onverwagte rousmart* – Dit is wanneer die verlies katastrofies en onverwags was. Die persoon kan nie self die situasie hanteer nie, en moet gehelp word.
- *Verkorte rousmart* – die rouproses kom slegs vir 'n kort tyd voor. Dit vind baie keer plaas wanneer die persoon al 'n tyd gehad het om afskeid te neem soos die geval kan wees na 'n lang siekbed.

Sigmund Freud het gesê*: "Early experiences play a critical role in later characteristics and behavior"* (McDevitt & Ormrod , 2004 :13). Na 'n skok (in hierdie geval die doodsberig), is die gevolg dat die kind fisiek tot stilstand kom en emosionele afstand beleef. Daarna sal die geskokte kind terapie nodig hê om oor die gebeure, emosies en hartseer te praat of dit in spel uit te leef. Indien hierdie natuurlike genesingsproses geblokkeer word deur familie wat ontken

dat enige iets gebeur het, kan traumatiese gebeure *vries.* Die kind bly in 'n toestand van skok. Spiere ontspan nie, gevoelens word onderdruk wat angstigheid en depressie tot gevolg kan hê (Bratton, 1999:50). Alleen- of skeidingsangs word dan beleef.

Seligman en Csikszentmihali (2000) stel 'n wetenskap voor wat meer positief is. Hierdie psigologie sal dan navorsing doen oor die soort families wat florerende kinders het en werknemers wat tevrede is in hul werksituasies sodat die kwaliteit van lewe verbeter. Daar word 'n paradigmaskuif voorspel wat wetenskaplikes sal laat kyk na wat reg gedoen word, teenoor die bekende metodes in die sielkunde, waar daar deur terapie herstel moet word.

Die navorser vra die vraag of dit dalk kan gebeur dat hierdie nuwe denkrigting in die psigologie, nl. Positiewe Psigologie (Peterson, 2006:3-23), 'n groter bydrae sal lewer tot kinders se bemagtiging om rousmart in hul lewe te hanteer in plaas daarvan om nasorg te doen.

## 3.11 ROUSMART IN DIE PEDAGOGIEK

Die gevolge van onverwerkte rousmart in die lewe van die skoolgaande kind kan verreikend wees. Opvoedkundige beraders en sielkundiges word opgelei om te weet wat die vernietigende gevolge van ontkenning ná verlies is (Sciarra, 2004:218).

Die navorser gaan veral na twee aspekte kyk, nl.:

- Hoe die teorieë van opvoeding veronderstel dat die kind emosioneel by die leerproses betrokke behoort te wees.
- Waarom dit soms blyk dat die kind se leerproses as gevolg van onverwerkte verlies kan stagneer of vertraag word.

Die kind ontwikkel fisiek, emosioneel, sosiaal en kognitief. Beaty (1990:73) gee agt basiese emosionele belewinge wat kinders gedurende hul ontwikkeling ondervind, nl.: *benoudheid, vrees, verbasing, woede, aggressie, skaamheid, opgewondenheid en vreugde.* Dit is belangrik dat elke stadium beleef, erken en leer beheer word om emosioneel optimaal te kan funksioneer. Bogenoemde skrywer wys ook daarop dat die basiese oorsaak van *benoudheid* (distress) psigologiese skeiding van 'n geliefde is. Die mees intensiewe vorm van benoudheid word gevind in die smart, hartseer en depressie na die verlies van 'n geliefde en skeidingsangs sal dus ervaar word. Een van die belangrikste vereistes in die ontwikkeling van 'n jong kind is dat daar 'n sterk binding met die primêre versorger moet wees (Beaty, 1990:43).

Die toestand waarin die kind homself na verlies bevind kan dus verreikende gevolge hê omdat die onderwerp "dood" en die gevolge van die verlies, steeds nie in die konkrete ervaring en voorkennis tuis of in die skoolkurrikulum ingesluit word nie.

Greyling (1998:14) beskryf Vygotsky se teorie van leer en sy siening dat *sosiale omgewing* en *interaksie* twee van die kernfaktore van sy teorie is. Piaget se teorie van leer en die kind se kognitiewe ontwikkeling, sluit hierby aan (Greyling, 1998:11). Volgens Piaget is die kind se leerprosesse 'n opeenvolgende reaksie soos die kind by sy omgewing en situasie aanpas. Hy sonder die volgende twee basiese vermoëns uit:

- organisasie - die kind kombineer nuut verwerfde informasie en sistematiseer dit om by bestaande kennis in te skakel.

- aanpassing – die kind interpreteer nuwe ondervinding deur bestaande kennis.

Mwamwenda (2004:84) noem bogenoemde funksies *bereiking van bekwaamheid* en *vorming* .

Kinders kan egter in die eerste drie fases van hul ontwikkeling nie abstrak of konkreet dink nie.

Hierdie drie fases is:

- sensories-motories (geboorte -2 jaar) .
- pre - operasioneel (2 - 7 jaar).
- konkreet (7 - 10 jaar) (Mwamwenda, 2004:87-91) en (O'Conner, 2004:22-24).

Venter (1999) toon ook die formele funksioneringsfase aan as die tydperk wanneer 'n adolessent bo die ouderdom van 12 jaar abstrak kan dink. Die ervaring van dood en die gepaardgaande verlies wat dit vir 'n kind meebring, is abstrakte begrippe.

Die navorser maak die afleiding dat die kind wat emosionele pyn beleef na verlies, nie kan begryp wat gebeur nie. Soos Mwamwenda (2004: 92) verduidelik, kan kinders eers op die vlak van formele denke hul gedagtes rig op dinge wat slegs in die verstand is en nog nie tasbaar is nie.

*"It is important for persons who are involved in the nurture and care of children and adolescents to have some idea of the long-range impact of crisis events upon the development of these persons."* (Wicks en andere, 1993:189)

Dit is dus verstaanbaar dat kinders wat deur 'n tydperk van rousmart gaan, probleme met leer kan ondervind. Sciarra (2004:221) haal vir Grollman (1995) aan en is van mening dat wanneer 'n geliefde sterf dit kan gebeur dat die kind sukkel om te konsentreer, en die *kwaliteit van sy skoolwerk* kan afneem. Hoë vlakke van stres kan een van die emosionele oorsake van *leesprobleme* wees (Greyling, 1998:71). Spanning en angstigheid is biologiese reaksies wat 'n groot rol speel in *syfergeletterdheid* (Greyling, 1998:119). "*Language acquisition may lag behind expected rates.*" (Wicks en andere, 1993:189)

Daar behoort dus voorkomend opgetree te word wanneer kinders leer.

Venter (1999) benadruk bogenoemde feit en gee die volgende beginsels:

- Die kind se kognitiewe ontwikkeling moet geprikkel word deur die skep van geleenthede waartydens nuwe kennis aangeleer word.
- Fasiliteerders moet materiaal kies wat by die kind se ontwikkelingsvlak pas.
- Leerders behoort aktief betrokke te wees en behoort uitgedaag te word om nuwe vaardighede te leer.

Dit is baie belangrik dat versorgers van kinders bewus is van die noodsaaklikheid van voorkennis van die dood en deelnemende betrokkenheid van kinders in rousmart aanmoedig. Daar behoort meer integrasie in die skool, bewustheid, en programme oor rousmart te wees (Sciarra, 2004:223).

## 3.12 GEVOLGE IN DIE VOLWASSENE SE LEWE

Dit is nie ongewoon nie dat pastorale hulp aan persone in 'n later stadium van hul lewe gegee word wat terugherlei kan word na versteurde persepsies as gevolg van 'n krisis in hul kindertyd (Wicks en andere, 1993:205 ; Lester, 1995:49).

Daar is bevind dat kinders wat 'n ouer aan die dood afgestaan het as volwassenes neig om meer onderdanig, afhanklik, teruggetrokke en wanaangepas te wees, antisosiale gedrag en selfmoordneigings openbaar (Sciarra, 2004:217). Die gevolge van onbehandelde verlies kan *losmaking* ("detachment") tot gevolg hê wat tot in volwassenheid beleef word (Bratton, 1999:62).

Bogenoemde skrywer beskryf die kettingreaksie van gedrag van sulke slagoffers soos volg :

*Ontkenning van emosie › selfblaam › gevoelloosheid › depressie › gebrek aan energie › swak konsentrasievermoë › onvermoë om verhoudings te bou › gevoel van onwerklikheid.*

Die navorser sal poog om die impak van onverwerkte rousmart in die lewe van kinders aan te toon.

## 3.13 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING.

In die metateoretiese deel van die studie word 'n oorsig oor die voorkoms van rousmart sedert die Victoriaanse tyd gegee.

Rousmart is die oorkoepelende woord wat die intense pyn en swaar proses van aanpassing na die afsterwe van 'n geliefde saamvat. Gedurende die laaste 4 – 5 dekades was daar eers 'n tydperk van oor-romantisering van die dood wat gevolg is deur 'n ontkenningsfase na die wêreldoorlogtydperk. Soos die mediese wetenskap ontwikkel het, is daar aanvanklik weggedeins van die bewustheid en belewing van dood, tot 'n meer holistiese siening wat ongeveer 40 jaar gelede posgevat het.

Ongelukkig word kinders steeds nie na behore voorberei vir die moontlikheid van verlies na die afsterwe van familielede nie. Rousmart by kinders word vermy, geliefdes wat gekonfronteer word met hul eie rousmartbelewing dink verkeerdelik die kind sal mettertyd die ervaring self verwerk. Die media vertoon 'n valse beeld oor dood en die gevolge daarvan vir kinders in DVD's, televisie en rekenaarprogramme. Hierdie valse voorstelling van dood skep onrealistiese opvattings omtrent die rousmartervaring. In die praktyk gebeur dit dat kinders in hierdie situasie vanweë verkeerde kondisionering psigologies nie die mas opkom nie,. Die normale reaksies met rousmart blyk misken te word. Om kognitief te kan dink en nuwe leerprosesse te assimileer, asook om die emosionele te verwerk, verg voorkennis en meelewing. Dit is ook van toepassing op die kind in rou.

Soos enige onvoltooide siklus in die lewe, kan die gevolge van onvervulde verwagting en pyn as gevolg van onbeantwoorde vrae tot in die volwassenheid voortduur.

# HOOFSTUK 4

# EMPIRIESE NAVORSING NA DIE GEVOLGE VAN ONVERWERKTE ROUSMART OP DIE LEWENS VAN KINDERS

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die kwalitatiewe navorsingsmetode verduidelik en die empiriese inligting wat die medenavorsers aan die navorser oorgedra het, weergegee.

## 4.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie hoofstuk is om deur kwalitatiewe navorsing vas te stel of dit wat die deelwetenskappe oor die gevolge van onverwerkte rousmart sê, geldig is en om saam met die ander fasette van die basisteorie en metateorie 'n praktykteorie te formuleer.

## 4.3 EMPIRIESE NAVORSING

Die woord empiries beteken "ervaring ". Dit is afgelei van die Griekse woord *empeiria*. Heitink (1999:221) wys die belangrikste rede vir die gebruik van die empiriese benadering is dat dit op die nagevorste persone se *ervaring* fokus.

Janse Van Rensburg (2007) gee van die eienskappe van empiriese navorsing aan as:

- Dat daar van letters op papier (boekekennis) na lewende menslike dokumente (mensekennis) oorgegaan word.
- Dat feite vervang word deur handelings en ervarings.
- Dat die teologie en teodisee vervang word deur antropologie en hermeneutiese begrip van die werklikheid.
- Dat daar deur minder taalbeperking na kontekstuele taal oorgaan kan word, omdat die medenavorsers hul eie betekenis aan hul emosies, handelings en ervaring kan gee.

Die navorser meen dat die empiriese navorsing die geskikte metode is om te gebruik, omdat daar na die ervarings van kinders, wat nie wetenskaplike vraelyste sal kan verstaan en invul nie, gekyk word.

## 4.4 KWALITATIEWE NAVORSING

Die kwalitatiewe styl is vir hierdie studie gekies omdat dit die begrip van die kinders se ervarings sal oordra. (Silverman, 2001:13).

Pieterse (1993:187) haal Van der Ven soos volg aan wanneer hy kwalitatiewe ondersoek bespreek:

> *"Praktiese teologiese ondersoek gaan egter nie om die ondersoek van gedrag nie, maar van menslike handelinge, dit staan nie los van die ervaring wat met die handeling gepaard gaan nie."*

Bryman,(2001) omskryf die definisie van kwalitatiewe navorsing soos volg:

*Die klem is op woorde in plaas van die versameling van data. Hierdie tipe navorsing het die potensiaal om inleidend, konstruktief en interpreterend te wees.*

## 4.5 DIE WAARDE VAN KWALITATIEWE NAVORSING

Silverman (2001:87) en Pieterse(1993:185) gee van die voordele wat hierdie metode inhou, aan as:

- dat daar dialoog tussen die navorser en die medenavorsers is;
- dat die kreatiewe interaksie opinies en geloof in ag neem;
- dat dit geleentheid aan mense gee om hul werklike ervarings te vertel;
- dat tydens die interaksie die persoon die geleentheid kry om deel te wees van die navorsing.

Van Rensburg (2007) beskryf die waarde van kwalitatiewe navorsing breedvoerig. Die volgende voorskrifte is van toepassing en dien ook as riglyne in hierdie studie:

- Daar word op kleiner getalle gekonsentreer.
- Die navorser is betrokke.
- Die navorsing geskied deur observasie.
- Die struktuur en beplanning van die verloop van die studie kan verander soos omstandighede verander. Vrae word nie vooraf opgestel nie, maar bepaalde temas word beplan. Fisieke reaksies soos liggaamstaal, gesigsuitdrukkings en ander sigbare reaksies kan in ag geneem word.

- Woorde vervang syfers. Die betekenis agter dit wat gesê word, kan met verdere vrae blootgestel word.
- Die deelnemer se ervarings, emosies en interpretasie van gebeure is dominant.
- Geloofsveronderstellings van die deelnemer kan deur die navorser vertolk word.
- Persoonlike dokumente soos briewe, tekeninge en dagboeke kan benut word.

In sy voordrag vra Van Rensburg na die *betroubaarheid* van kwalitatiewe navorsing. Hy verwys na die navorsing van Steyn en Lotter (2006), wat meen dat die posisie van die navorser bv. die predikant, daartoe kan lei dat daar 'n minder geloofwaardige beeld gegee kan word. Hierdie moontlikheid word egter uitgeskakel as die klem gedurende die navorsing op vertroue en integriteit val. Die navorser moet dus bewus bly van en streef na geloofwaardigheid.

## 4.6 WERKSWYSE

Die kinders wat as medenavorsers aan hierdie studie deelgeneem het, het almal probleme ontwikkel as gevolg van onverwerkte rousmart. Hulle word medenavorsers genoem omdat hulle betrokke by die gebeure is en nie statistieke weergee nie. Een van hul ouers het deurgaans die eerste onderhoud met die navorser alleen bygewoon. Daar is dan skriftelik toestemming verleen vir pastorale berading deur 'n toelatingsvorm in te vul en te teken. Na elke vierde sessie is 'n evaluering saam met die betrokke ouer gedoen om die kinders se vordering te bespreek. Die navorser het ook gebruik gemaak van die afneem van persoonlike funksioneringsprofiele.

Die etiese voorskrifte van toestemming, vertroulikheid en deursigtigheid is nagekom. Die rekord van die navorsing is in veilige bewaring.

Vir die doel van hierdie studie word skuilname gebruik.

## 4.7 WERKSMETODES

Elke sessie met die medenavorsers het bestaan uit van die volgende :

- Terugvoering van die kinders oor die ervarings in hul leefwêreld.
- Die verduideliking van Skrifwaarhede wat teksgedeeltes insluit.
- Verduideliking van rousmart en die aanleer van nuwe lewensbeginsels.
- Die identifisering van en begrip vir eie en ander gesinslede se emosies.
- Inskerping van vaardighede dmv rolspel, kuns of dramatisering en speletjies.

- Tuisopdragte soos die skryf van briewe, gesprekke met ander mense, leeswerk en verantwoordelikheidskaarte
- Volgehoue gesprekke oor selfkennis en begrip tydens die rouproses.
- Ontspanningsoefeninge en aanleer van ritmiese asemhaling.

## 4.8 AFBAKENING

Vir die navorsing is daar gebruik gemaak van 4 individuele kinders tussen die ouderdomme van 9 en 16 jaar, 'n groep van 3 tieners tussen die ouderdomme van 15 en 17, en 1 volwassene, wat as gevolg van die onverwerkte rousmart wat hy in sy kinderjare beleef het, deel van die navorsing was.

## 4.9 NAVORSING

### 4.9.1 Medenavorser 1 – Nico

#### 4.9.1.1 Agtergrond

Verwys deur: die skool

Nico (11 jaar) was in 'n skool vir kinders wat remediëring ontvang. Hy is die jongste van twee seuns, sy ouers is reeds langer as 3 jaar geskei. Nico het by sy ma gewoon. Sy broertjie van 18 maande het 4 jaar voor Nico deur die skool na die navorser verwys is, tuis, in die swembad verdrink. Hy het homself dikwels onttrek en eenkant in die klas of op die speelgrond gaan sit en huil. As hy gevra is wat verkeerd is, het hy gesê sy boetie is dood. Nico het ook baie maklik seer gekry en was ontroosbaar tot sy ma hom kom haal het. Hy het skolasties nie taalkundig gevorder nie. Sy leesouderdom was tussen 7 en 8 jaar en hy kon geen leervakke baasraak nie.

#### 4.9.1.2 Oueronderhoud

Nico se ma het hul agtergrond en die gebeure van die verdrinking verduidelik. Die gesin het ná die verdrinking vir 3 weke elders gewoon en die ouers is binne 4 maande geskei. Sy het self nog baie tekens van rou getoon. Al twee haar seuns woon by haar. Hulle het geen verantwoordelikheid aanvaar nie, was uiters verwen en manipulerend. Sy het erken dat sy nie wou hê hulle moet grootword en haar verlaat nie. Die navorser het ook kontak met hul pa gemaak, by wie die seuns vakansies deurgebring het. Daar is ook gereeld met sy onderwyser gepraat en terugvoering is gegee.

4.9.1.3 Opsomming van die probleem

Nico het verantwoordelikheid vir die verdrinking aanvaar. Hy het nog baie na sy boetie verlang en enige probleem op die gebeure rondom die verdrinking geprojekteer. Dit het ook voorgekom of hy enige siekte- of seerkry- situasie gebruik het om spesiale versorging te kry. Hy het nie 'n duidelike begrip van God-drie-enig of die hiernamaals gehad nie en dit het gekeer dat hy hoop vir sy toekoms het.

4.9.1.4 Uitkoms

Nico het by die skuldervaring van sy rouproses vasgesteek. Hy het na berading tot die insig gekom dat:

- Kinders nie verantwoordelik kan wees vir ander kinders se veiligheid nie. Die bouer van die swembad, of sy ouers, wat nie 'n muur of heining om die swembad geplaas het nie, moes beter voorsorg getref het.
- Sy broertjie op enige ander wyse kon sterf, bv. deur siek te word of betrokke te wees in 'n motorongeluk.

Nico het 'n Godsbegrip ontwikkel, 'n verhouding met Jesus Christus begin, afskeid van sy broertjie geneem, sy eie denke en emosies begin begryp en verantwoordelikheid vir homself, sy werk en sy aktiwiteite leer aanvaar.

Nico se ma het haar eie rou begin hanteer, nader aan haar Skepper begin beweeg en besluit dat haar seuns by hul pa moes gaan woon sodat hul roetine en werksprogram beter beheer kon word. Sy het die navorser nog vir 5-6 maande gereeld geskakel, maar blyk nou 'n meer sinvolle lewe te lei.

Nico het weer begin lees en is in sy pa se tuisdorp later terug in 'n hoofstroomskool geplaas.

4.9.2 Medenavorser 2 – Danie.

4.9.2.1 Agtergrond.

Verwys deur: die predikant

Danie is 'n sestienjarige seun wat by sy ma en stiefpa woon. 'n Paar weke voor hy na die navorser verwys is, het sy biologiese pa selfmoord gepleeg. Dit het aanvanklik voorgekom of

hy die gebeure verwerk, maar hy het met tye, ook tydens eredienste in die kerk, emosioneel ineengestort.

4.9.2.2 Oueronderhoud

Danie se ma was bekommerd omdat hy afgetrokke en lusteloos voorkom, met tye in trane uitgebars het en homself dan sou onttrek. Sy het 'n gelukkige tweede huwelik. Danie en sy stiefpa het 'n goeie verhouding, doen baie dinge saam en was besig om sy toekoms te beplan. Danie presteer bo-gemiddeld op skool en is baie sportief. Omdat haar eerste man 'n depressielyer was, het sy begin wonder of die dood van sy pa nie dieselfde tendens by Danie sou laat begin nie. Hy het tot voor sy pa se dood gereeld vakansies by hom en sy tweede vrou gaan kuier. Hulle sou egter ook skei.

4.9.2.3 Opsomming van die probleem

Hy was gewillig om die navorser te besoek, en het saam met sy ma gekom.

- Danie was bang sy pa se siel sou verlore wees na sy selfmoord. Hy was vroeër oortuig dat daar nie redding vir sulke mense is nie. Wanneer hy nou oor hierdie onderwerp met die predikant, sy vriende en versorgers praat, het hulle die onderwerp vermy. Hy kon nie meer sy gedagtes weg van die onderwerp stuur nie. Danie wou weet wat die waarheid is.

- Hy het ook gedink dat hy skuld het aan sy pa se selfmoord en dat hy dit dalk kon verhoed het.

4.9.2.4 Uitkoms

Danie het die waarhede in die Skrif geglo. Hy was nie meer bekommerd oor sy pa se siel nie en het sy skuldgevoelens as deel van die normale gang van die rousiklus begryp. Hy kon:

- Nadat die skuldgevoelens wat hy ervaar het, aan hom verduidelik is as synde deel van die rouproses, besef dat sy pa in werklikheid 'n verborge siekte gehad het en nie meer kans gesien het om te leef nie.

- Glo en aanvaar dat sy pa gered en dus veilig was (Joh 1:12,16), ten spyte van die feit dat hy weens sy depressiewe toestand nie objektief kon dink nie.

Danie was tevrede. Hy het sy emosies verstaan en geleer dat dit nie nodig was om dit te onderdruk nie. Hy kon gou weer aandag gee aan sy skoolwerk, sport en toekomsplanne.

4.9.3 Medenavorser 3 – Werner

4.9.3.1 Agtergrond

Verwys deur : die predikant

Werner is 12 jaar. Sy pa is die vorige jaar in 'n motorongeluk dood. Hy is baie aggressief en baklei dikwels by die skool. Sy skoolwerk toon agteruitgang en hy wil nie in sy eie kamer slaap nie. Werner is liggaamlik baie sterk en 'n goeie rugbyspeler.

4.9.3.2 Oueronderhoud

Werner se ma vertel van die motorongeluk waarin haar man 11 maande tevore gesterf het. Sy pa was Werner se rolmodel en hy het sy gesag aanvaar al het hy gedurende die week elders gewerk. Sy moes, nadat sy die tyding gekry het, sy liggaam gaan soek in 'n afgeleë dorp, met die gevolg dat haar seuns die nuus eers later die dag, toe hul oupa geskakel het, verneem het. Werner is die jongste van 2 seuns. Hy kon nie sy emosies verwoord nie, vermy die onderwerp van sy pa se dood, baklei met sy broer en gebruik kru taal. Die skool het haar genader omdat hy gedragsprobleme begin toon het. Werner het 'n agtergrond van aandagafleibaarheid, is manipulerend en aanvaar nie haar gesag nie. Al het sy albei die seuns jammer gekry, het sy dit oorweeg om Werner na sy grootouers, wat vêr woon, te stuur. Werner wou self in 'n koshuis gaan woon.

Om haar eie pyn te probeer verwerk het sy baie besig gebly. Sy glo in God-drie-enig en is 'n gereelde kerkganger al het sy nie Skrifkennis nie. Sy was raadop.

4.9.3.3 Opsomming van die probleem

- Onverwerkte smart by tieners realiseer dikwels in aggressie. As iemand van Werner se pa of oor hulle eie pa praat, het hy kwaad geword en handgemeen geraak.

- Werner was in ontkenning oor sy pa se dood. Hy kon nie die word "dood " sê nie. Hy en sy broer het geweier dat sy ma sy pa se kas uitpak en het die sleutel weggesteek.

- Hy het geen verantwoordelikheid tuis geneem nie en vir lang rukke besig gebly met sy rekenaar en TV speletjies.

- Hy was ongehoorsaam en wou nie sy ma se gesag aanvaar nie. Albei seuns het in hul ma se kamer geslaap.

4.9.3.4 Uitkoms

Werner het vir 6 maande gereeld vir berading gekom.

- Hy het geleer om sy emosies te identifiseer en aggressie te verbaliseer voor dit hom kon oorweldig. In die proses is sy rousmartbelewing behandel en hy het mettertyd doelgerig saamgewerk om afskeidstake te voltooi.

- Na 4 maande het dit duidelik geword dat Werner tipiese eienskappe van verwerping openbaar. Dit was 'n ou probleem wat weer sterk op die voorgrond getree het. Hy was as 3 jarige baie weens asma in die hospitaal, waarna hy dan verwen sou word met sy tuiskoms. Hy het sy pa baie gemis toe dié kontrakwerk elders begin doen het. Nadat die verwerping hanteer en deurgewerk is, het hy minder aggressief en manipulerend opgetree.

Die navorser het kontak met Werner se onderwyser en predikant gemaak. Hy het afgesien van sy koshuisplanne. Sy oom het ook vir 'n tyd by hulle kom woon, en hy het met hom begin identifiseer.

Daar was 3 sessies met al drie lede van die gesin. Hulle het saam 'n begroting begin opstel, hul eie vakansies weg en langnaweekkampe gereël en 'n nuwe gesagstradisie begin. Hulle het ook geleer om huisvergaderings met behulp van die praatstok-tegniek te hou.

4.9.4 Medenavorser 4 – Chris

4.9.4.1 Agtergrond

Verwys deur : die predikant

Chris (16 jaar) is Werner (deelnemer 3) se broer. Eersgenoemde vaar akademies goed op skool, maar onttrek hom aan sy portuurgroep. Die retinas in sy oë het as gevolg van die emosionele skok na sy pa se dood verander en is steeds besig om te verswak. Hy gaan elke 6 maande vir evaluasies en aanpassings aan sy brillense. Hy sal moontlik vir retina-oorplantings moet gaan. Hy was 'n paar maande tevore 'n uitruilstudent na Swede. Hy het sy pa se rol in die huis oorgeneem en oorbeskerm sy ma.

4.9.4.2 Oueronderhoud

Chris se ma is bekommerd en voel dat hy sy tienerlewe meer moet geniet. Sy probleem met sy oë het baie addisionele koste gehad, waaroor hy skuldig gevoel het. Hy en Werner baklei baie, maar Chris onttrek hom dan. Hy bly tuis, wil nie uitgaan nie en neem verantwoordelikheid vir sy

ma. Hy pas haar op en wil altyd weet waar sy is. Sy het aktief begin bid en ook by aktiwiteite in hul kerk betrokke geraak.

4.9.4.3 Opsomming van die probleem

- Chris tree met die eerste oogopslag soos 'n volwassene op. Dan word dit duidelik dat hy sy emosies onderdruk en moeilik oor sy pa se dood praat. Chris vrees dat sy ma ook sal sterf en pas haar op. Dit kom voor of hy werklik sy jeug verloor het. Chris glo vas dat sy ma sy verantwoordelikheid is. Al sy aktiwiteite draai om haar en haar vriendinne.

- Chris is gespanne en kry maklik hoofpyn. Hy ervaar die probleem met sy oë baie erg. Hy erken dat hy skaam is, openbaar 'n swak liggaamsbeeld en verwys na 'n spottery toe hy 'n paar jaar gelede oorgewig was. Hy vermy katkisasieklasse as hy kan, en wantrou mense se motiewe. Hy was van voorneme om ná skool in Swede te gaan woon.

- Hy glo dat God bestaan, maar dink dat hy God se liefde moet verdien. Hy het min kennis van die Skrif en begryp nie die drie-eenheid van God nie.

4.9.4.4 Uitkoms

Chris het ook vir 6 maande rouberading by die navorser ontvang.

- Hy het geleer wat die rousmartproses behels. Toe hy insien dat hy by ontkenning en skuldgevoelens bly stagneer, kon hy sy emosies begin verwoord en het selfs fisiek met sy broer begin baklei as dié hom kwaad maak.

- Ons het na sy toekoms gekyk en 'n loopbaanbeplanning-inventaris ingevul. Dit het hom gehelp om realisties na sy toekoms te kyk.

- Chris het begin besef dat hy nog te jonk is om die rol van sy pa oor te neem. Sy selfpersepsie het meer realisties geword en hy het met sy vriende by die skool begin gesels. Een van sy vriende se ouers is dood en hy het hom ondersteun.

- Tydens elke sessie is van God se liefde en sorg vertel en Jesus Christus se verlossingswerk aan hom voorgehou. Hy het begin glo dat die Bybel die waarheid is en Skrifgedeeltes begin memoriseer. Chris het 'n volle oorgawe aan God gemaak. Ons het ook die werking van 'n mens se gees, siel en liggaam bestudeer en sy eie selfspraak en denke deurgewerk.

Chris het weer begin uitgaan. Hy het sy skool se matriekafskeid gereël en is gekies op die leerlingraad. Hy is tans besig met 'n Bybelkenniskursus

4.9.5 Groep – Ernst, Chris en Esti

4.9.5.1 Agtergrond

3 tieners (17, 16 en 15 jaar) wie se ma's vir rouberading na die navorser gekom het, het vir 3 groepsessies as medenavorsers opgetree. Dit was veral Esti se optrede wat tot die groep-navorsing gelei het. Die probleme wat hulle ervaar het, is aangespreek. Die tieners is aangemoedig om hul verhaal te vertel en het gebeure vergelyk.

4.9.5.2 Oueronderhoude

Al drie tieners se ouers was bekend en vertroud met die navorser.

4.9.5.3 Opsomming van elkeen se omstandighede, en rede vir opname in groep

Ernst – Sy pa is 3 maande tevore aan 'n hartaanval dood. Hy het sy pa se liggaam gesien voor die verassing. Hy het aanvanklik die rouproses goed hanteer, maar hy het baie onopgeloste vrae gehad en wou meer van die gebruike en die voorkoms van dood in die Bybelse tye weet. Hy sou daarby kon baat om die eiesoortige sosiale probleme te leer hanteer. Ernst se pa was bekend met die navorser.

Chris – Sy pa is 18 maande tevore in 'n motorongeluk dood. Het liggaam gesien voor die begrafnis. Was al 'n geruime tyd in berading. Kon egter nog nie gemaklik met ander oor sy pa se dood praat nie.

Esti – Haar pa is 6 weke tevore in 'n motorongeluk dood. Het nie sy liggaam gesien nie. Hy is begrawe. Sy het wel met die navorser gepraat, maar wou nie met haar ma praat of by die huis wees nie. Sy kon nie meer die gehuil verdra nie, het haar ma begin manipuleer en begin met destruktiewe gedrag. Sy, haar ma en sussie is saam verwys deur hul predikant.

4.9.5.4 Werkswyses

- Sessie 1 – Bekendstelling.
  *Wat is reg in jou rou.*

- Sessie 2 – Watter ervarings het ons wat ooreenkom.

*Nuwe verantwoordelikhede, verliese, wat mense vir en van ons sê.*

- Sessie 3 – Terugvoering, briewe, collage. *(Sien bylae vir meer besonderhede)*

4.9.5.5 Uitkoms

Al drie tieners het die behoefte gehad om te hoor wat die ander beleef het. Die volgende probleme het sterk na vore gekom:

- Nuwe verantwoordelikhede
- Alles wat verloor is.
- Die clichés wat in rousmartsituasies gebruik word en wat mense sê.

Die groepsessie het hulle ook die geleentheid gegee om:

- hulself uit te druk in die gebruikstaal van hul leefwêreld;
- in te sien dat almal deur dieselfde rouproses gaan;
- die insig te kry dat dit verkieslik is om die emosies, vrees vir die onbekende en vir alleen wees, woede, irritasie en swaarmoedigheid te erken;
- goeie en slegte herinneringe aan hul pa's met mekaar te deel;
- te hoor dat ander gesinne ook vreemde gedrag openbaar; dit het hulle vryheid gegee om hul frustrasies te verwoord;

Chris kon vir Ernst en Esti wys dat die pyn later minder word;
Die tieners het kontak met mekaar behou;

*Die navorser is van mening dat sulke groepsessies baie kan bydra tot die verwerking van rousmart.*

4.9.6 Medenavorser – Brandon (volwassene)

4.9.6.1 Agtergrond

Verwys deur: self

Brandon is 'n 23 jarige, getroude man met 2 klein kindertjies. Sy beste vriend is 3 weke tevore oorlede tydens 'n ongeluk. Hy het met tye baie kwaad begin word en sy vrou geslaan. Brandon sou enige iets doen om sy huwelik te red. Sy pa (wat 'n alkoholis was), is dood toe hy 6 jaar oud was. Sy ouers was reeds van mekaar vervreem. Niemand was na die begrafnis toe nie en sy ma het al sy pa se foto's verbrand. Hy het stiefbroers wat baie ouer as hyself is, maar hy het

min kontak met hulle gehad. Al wat hy van sy pa onthou is 'n rooi speelgoedkar wat hy vir hom gegee het en dat sy pa hom in 'n stadium met 'n bord warm kos gegooi het.

4.9.6.2 Opsomming van die probleem

- Dit het voorgekom asof die dood van sy vriend die onverwerkte rousmart na sy pa se dood weer na vore gebring het.

- Brandon sou die gevolge van 'n gebrek aan 'n vaderfiguur moes erken en uitvind presies wat met hom as klein seuntjie gebeur het.

- Hy moes insien dat die woedeuitbarstings wat hy tans beleef en sy gedragsprobleme op skool die gevolg van 'n gebrek aan liefde was.

4.9.6.3 Uitkoms

- Brandon het sy ma gaan besoek en al die inligting oor sy pa se dood gekry. Dit was vir albei baie traumaties maar bevrydend.

- Hy het die rol van God as Vader in sy lewe begin insien en het by 'n kerk aangesluit. Brandon het begin erken dat hy nooit emosies deurgewerk het of kon verwoord nie. Hy het geen bewyse besit dat hy wel 'n pa gehad het nie; altyd snaaks en alleen begin voel wanneer ander seuns se pa's byvoorbeeld rugby kom kyk het.

- Hy het die skuldgevoelens omdat sy ma hom moes versorg, hanteer.

Brandon se vrou het 1 sessie saam met hom en 1 alleen by die navorser bygewoon. Dit gaan goed met hulle. Sy vrou het self besluit om vir 'n paar maande op te hou werk. Dit sou hom help om die gevoel te versterk dat hy sy gesin kan onderhou.

## 4.10 EVALUERENDE GEVOLGTREKKINGS

Al sewe medenavorsers het tipiese reaksies van onverwerkte rousmart getoon. Hulle belewing van die verlies van hul familielid het o a gepaard gegaan met:

- Fisieke en verstandelike (skolastiese) gevolge van skok.
- Min begrip vir en kennis van die roufases.
- Soeke na die waarheid.

- Vals skuldgevoelens.
- Vorige probleme wat weer na vore tree.
- Ontkenning deur vermyding van die onderwerp.
- Woede en aggressie.
- Emosionele wanbalans.
- Onttrekking uit hul huis of planne om weg te gaan.
- Sosiale isolasie.
- Manipulerende gedrag.
- Min kennis van die Skrif en 'n swak Godsbelewenis.

Behalwe die verlies van die geliefde, was sekondêre verlies ook teenwoordig, waarvan die verlies van hul reg om kinders te wees die ooglopendste was.

Addisionele verantwoordelikheid wat moeilik was om uit te voer, is by al die gevalle opgemerk. Die opvallendste was dat, alhoewel meeste van die medenavorsers aan 'n kerk behoort het, daar min, indien enige, opvolgbesoeke deur die kerkraad of selfs predikante aan die kinders was.

Dit het ook duidelik geword dat die kinders wat al abstrak kon dink, nie voorkennis gehad het om met die omstandighede tydens te kon omgaan nie.

## 4.11 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING.

In die eerste gedeelte van die hoofstuk is die *empiriese navorsing* hanteer. Die feit dat die kwalitatiewe empiriese navorsingsmetode op die *ervaring* van die medenavorsers fokus, het die deurslag gegee vir die gebruik van die metode.

Die *kwalitatiewe* styl van navorsing is vir die studie gekies omdat dit ook die geleentheid vir interaksie tussen die navorser en medenavorsers gee. Die redes vir en voordele van die keuse van die kwalitatiewe metode van ondersoek vir hierdie studie is bespreek.

Daarna is 'n opsomming van die berading en uitkomste daarvan aan ses kinders en een volwassene wat onverwerkte rousmart beleef het, gegee. Daar is gereeld terugvoering gegee en gesinsessies waarby die ouers betrek is, gehou. In die bylaag is opsommings van elke sessie en ondersteuningsmateriaal wat die gebeure boekstaaf.

Opsommend kan die probleme van die medenavorsers soos volg uitgestip word:

- Onvervulde behoefte om die waarheid omtrent die situasie te weet.
- Rouproses nie deurleef nie.
- Onnodige skuldgevoelens.
- Verantwoordelikhede wat onvanpas is vir die ontwikkelingsvlak van die kind.
- Aggressie.
- Rebellie.
- Probleme van vroeër wat weer opduik.
- Fisieke simptome.
- Gebrekkige Skrifkennis en 'n behoefte aan 'n sterker verhouding met God.
- Verkeerde advies en inligting.
- Onvermoë en skaamte om emosie te erken en uit te leef.

In die uitkomste van elke sessie is die resultaat van die berading aangedui.

# HOOFSTUK 5

# PASTORALE RIGLYNE

## 5.1 INLEIDING

Die beradingsmodel wat in hierdie hoofstuk voorgestel word, is saamgestel op grond van die Skrifgedeeltes, literatyyrstudie en die waarnemings van die navorser tydens die kwalitatiewe ondersoek van hierdie studie.

Dit gaan oor veel meer as "...'n luisterproses waarin die pastor die mens help hoe om homself in die lig van die Godsverhaal te verstaan" Louw, (1993:84). Tydens die berading en die literatuurstudie wat gedoen is met betrekking tot kinders wat onverwerkte rousmart beleef, het die navorser herhaaldelik tot die insig gekom dat daar spesifiek gekyk moet word na die kernproleem wat na afloop van die afsterwe van 'n geliefde ontstaan het en nie net in die algemeen na die vertelling geluister word nie.

Kübler Ross, (1997:66) beskryf die oorsaak van onverwerkte rousmart soos volg:
"... never having resolved the hurts of childhood". Dit is daarom noodsaaklik om 'n pastorale model te gebruik wat nie net aanpasbaar vir elke indiwidu se situasie is nie, maar ook elkeen se omstandighede in ag neem. Die kern van die pastorale sorg is dan juis wanneer die middelpunt of oorsaak van die pyn ontdek word en daar dan onder die leiding van die Heilige Gees hulp verleen word, todat die kind aangepas het, die omstandighede aanvaar en verwerk het.

Louw, (1993:250) brei sy aanvanklike gespreksvoorstel later self uit wanneer hy die volgende gespreksprosedure of patrone wat mekaar gedurende pastorale hulp afwissel, vir die pastorale model voorstel:

- Vraag en antwoord
- Ondersteuning en bemoediging
- Konfrontasie en vermaning
- Raadgewing en informasie
- Diagnose en interpretasie
- Empatie en aanvaarding
- Doelgerigte hulpverlening en opbouing

Dit is belangrik dat die persoon wat met sulke kinders werk in gedagte hou dat die probleem 'n *begin* en *einde* het.

Die rousmartproses was om een of ander rede nie voltooi nie. Daar ontstaan dan by die kind 'n belewing van wantroue, vrees en aggressie. Hierna toon die kind, in geval van jonger kinders, impulsiewe gedrag en daar ontstaan dan herhaling van wanbegrippe in gesprekke en reaksies. Die kind se gedrag verander en hy onttrek homself dikwels. Die ouer kind se gedagtes word beheer deur foutiewe denke. Daar kan dan by sulke kinders ook verkeerde wilsbesluite ontstaan, negatiewe denkpatrone word gevestig en uiteindelik kan destruktiewe, opstandige of assosiale gedrag voorkom.

## 5.2 ALGEMENE RIGLYNE

Vir die doel van hierdie hoofstuk is dit nie nodig om die algemene beradingsriglyne aan te toon nie, maar sal van die volgende modelle gebruik gemaak word: Macarthur & Mack, (1994:173-250); Adams, (1986: 193- 208); Collins, (1988:24-49); Louw, (1993:244-289, 327-354).

Dit is egter van belang om wel kortliks na voorstelle van pastorale kinderberaders wat spesifiek met rousmarthantering van kinders werk, te verwys.

R & C Giunta, (2002:244) noem 4 belangrike strategieë wat kinderberaders in rousmart situasies in gedagte moet hou wanneer hulle kinders help nl:

1. Beantwoord hul vrae eerlik en eenvoudig
2. Verseker die kind van sy veiligheid en maak seker dat hy die hulpgewer se toewyding aanvaar.
3. Wees geduldig wanneer manifistasies van aggressie, regressie, woede en ander emosionele reaksies plaasvind.
4. Leer om tussen die lyne te lees sodat onderliggende emosies waargeneem word wat later in terapie aangespreek kan word.

Bogenoemde skrywers benadruk die gebruik van gedramatiese spel en kunsaktiwiteite. Die berader moet in liefde optree, met volle aandag werk en hoop vir die toekoms aan die kind gee.

'n Tweede kenner, O' Conner, (2004: 72-80, 85-103) benadruk eerlke, eenvoudige verduidelikings. Wanneer feite op hierdie manier aan kinders verduidelik word, skakel dit vrees vir die onbekendel.

Bogenoemde skrywer se verdere riglyne kan soos volg opgesom word:

1. Kinders behoort aangemoedig en toegelaat te word om te rou.
2. Maak voorsiening vir afskeid, deelname aan tradisionele seremonies en rituele.
3. Wees sensitief en voorbereid om die kind te help om sy emosies te identifiseer en uitdrukking daaraan te gee.
4. Leer die kind dat Jesus Christus die helper in smart en vrees is. Hoop word by die treurende gevestig deur die voorlees van verhale wat Hy vertel oor die hemel (Matt 18:10 – 14) en oor die koninkryk van Sy Vader (Matt 13 en Mark 4).

## 5.3 SPESIFIEKE RIGLYNE VAN DIE NAVORSER

Voortvloeiend uit die voorafgaande navorsing is 'n model geformuleer wat die uniekheid van onvoltooide rousmart identifiseer en die kernprobleme hanteer. Die indiwidu word begelei tot emosionele genesing en terselfdertyd tot die stig van 'n verhouding met Jesus Christus. As gevolg van die wisselwerking tussen die navorser en die res van die gesin, onderwyser/s, vriende en predikant, ontstaan daar dikwels 'n ondersteuningsnetwerk wat die kind dan verder sal kon bystaan.

Die kern van die hulpverlening aan kinders wat onverwerkte rousmart beleef, is volgens die navorser:

Om ten alle koste die *waarheid* (Joh 8:32) te vertel en die leuns wat die kind gehoor of self begin glo het, te vervang met die ware feite en Skrifbeginsels.

## 5.4 VOORGESTELDE MODEL

Nadat die kind aangemeld word vir berading volg die volgende stappe;

### 5.4.1 Inwin van agtergrondskennis

Dit word gedoen tydens 'n gespreksessie met die aanmelder en dan 'n ontmoeting met die ouer/s of voog/de. Dit geskied sonder die kind se teenwoordigheid om 3 redes nl;

- Die onderhoud neem lank.
- Die ouer vertel gewoonlik baie van sy/haar eie ervaring en dit is ontstellend vir die kind.
- Die kind reflekteer dikwels die ouer se verhaal en vertel nie sy eie weergawe van wat gebeur het nie.

Dit is belangrik om tydens die onderhoud vas te stel wat die familie se geloofsbelewing en kerkbywoning is. Vind uit of die oorledene 'n weergebore kind van God was, want dit bepaal die grondslag van alle verdere terapie. Die kind wat onderrig is in die Christelike leer het al Bybelse agtergrondskennis, wat 'n grondslag kan gee waarop die berader verdere kennis kan bou. Sou dit gebeur dat die oorledene nie 'n weergebore kind van God was nie, moet die kind se vrae omtrent die hiernamaals baie versigtig beantwoord word, sonder om die kind met teologiese verduidelikings te konfronteer.

### 5.4.2 Kennismaking met en gerusstelling van die kind

Tydens hierdie eerste ontmoeting word algemene vrae oor die kind se leefwêreld gevra en ook uitgevind wat die kind se persepsie van die gebeure rondom die afsterwe van die geliefde was. Dit kan help om saam met die kind te speel, teken, of skryf.

Gee aan die kind die versekering van God se liefde en versorging. Dit is baie belangrik dat die berader Skrifgedeeltes in die gesprekke met die kind gebruik. Hierdie gebruik laat die kind besef God self is by die proses betrokke en dat Skrifgedeeltes nie net "bygevoeg of aangelas" word om die terapie 'n Christelike karakter te gee nie.

Die berader begin altyd met Heb 4: 12, wat die lewende en kragtige werking van die Skrif leer en vleg dit heeltyd in die gesprek in. Daarna word versekering gegee dat die oorledene veilig, en by Jesus Christus is, soos Rom 8:38 belowe. Help die kind besef dat daar 'n keuse is om dankbaar te bly onder alle omstandighede soos wat Filipense 4:4-7 leer.

Omdat kinders maklik identifiseer met ander is dit dan ook goed om na Bybelverhale waar iemand gesterf het, te verwys. Kinders wat 'n ouer verloor het, besef dat die Skrif van hulle praat as "weeskinders". Dit gee dan gerusstelling om te weet dat God self hul Vader is.

### 5.4.3 Identifiseering van die probleem

Dit is baie belangrik om seker te maak dat die kernprobleem wel die van onverwerkte rousmart is en dat die kind nie gedrag wat by 'n ouer aangeleer is, openbaar nie. Dit kan ook gebeur dat 'n kind op spesifike maniere reageer en praat, om daarmee sy leefwêreld te manipuleer.

In hierdie stadium kan 'n funksioneringskaal of tekeninge, oopsinne vrae, prente, fotos, speelgoed, poppe, sandtafel en musiek gebruik word.

5.4.4 Bemagtig die kind met kennis

Die rouproses word verduidelik en gewoonlik kan die kind saam met die berader die onvoltooide of staking van hul rou raaksien.

SKOK

↓

ONTKENNING

↓

SKULDGEVOELENS

↓

WOEDE

↓

DEPRESSIE

↓

AANVAARDING

5.4.5 Vervang die leun met die waarheid

Die berader is teen die tyd seker waar die rouproses opgehou het. Dit is nou nodig om die kind te wys op sy wanpersepsie van woorde, die verkeerde dinge wat mense vir hom gesê het of die vals skuldgevoelens wat gekweek was. Dit kan wees dat die kind nie die fisiese verdwyning van die geliefde kon begryp nie. Die moontlikhede is onbeperk.

Dit help die kind om afsluiting te kry deur bv weer die gebeure te teken, die papier dan op te skeur en weg te gooi. Die beginsel dat 'n nuwe tydperk, sonder die geliefde, begin het, word so gevestig.

Jesus Christus gee hoop en verwagting soos in Hebr 11:1 staan. Open 21: 3-5 en 2 Kor 5: 17 is die uitgangspunt.

5.4.6 Identifiseer die onafgehandelde routake en handeel dit af.

*Dit kan so eenvoudig wees soos 'n gebed om vir God dankie te sê vir die pappa wat hy gehad* het. Daar kan ook 'n brief aan die afgestorwene geskryf word, tekeninge, collage ens gemaak word. Nou is egter ook die tyd om moeiliker take uit te voer soos om te leer wat vergifnis is en dat die kind met familielede moet gaan gesels oor wat gebeur het.

### 5.4.7 Vergifnis

Handel die vergifnis van die oorledene, enige persoon wat foutiewe inligting oorgedra of verkeerd gehandel het, en die kind self, af.

### 5.4.8 Gee aandag aan sekondêre verliese

Verdere verliese word dikwels ervaar, soos om bv meer verantwoordelikheid nadat 'n versorger gesterf het, te kry. Die gevolg is dat die kind van 'n gewone kinderlewe ontneem word. Dit is dan nodig om aan die kind te verduidelik dat volwassenes dikwels op kinders kan begin steun om werkslading te versprei. Dit is nie nodig om dit in 'n negatiewe lig te sien nie. Verduidelik dat hy nou al baie meer weet omtrent sekere verantwoordelikhede as sy maats. Dit sal byvoorbeeld vir hom makliker wees om eendag self sy eie tuin te versorg of 'n swembad te onderhou. Die kind wat aan iemand vertel dat sy pa 'n jaar gelede oorlede is en dat hy van toe af sorg dat die huis se deure saans gesluit word, sal erkenning kry vir selfstandigheid en goeie pligsbesef.

### 5.4.9 Wys die groter prentjie

Wanneer die kind klaar deur die proses van die voltooiing van rou gegaan het, begin hulle gewoonlik baie vra oor die plan van God met hul lewe of die doel van alle gebeure. Dit is in hierdie stadium, wanneer vertroue en 'n goeie verhouding tussen die pastorale berader en die kind bestaan, dat die kind God se voorsiening en die werk van Jesus Christus deur die leiding van die Heilige Gees begin glo en aanvaar.

Die rouwerk is afgehandel as die kind die verandering wat uit die verlies voortgevloei het, kan raaksien en die ware gebeure en feite van die hele storie kan oorvertel sonder die intense emosionele belewing daarvan.

# HOOFSTUK 6

## 6.1 GEVOLGTREKKING

INLEIDING:

Die oorkoepelende doel van hierdie studie was om na te vors hoe kinders pastoraal begelei kan word om die probleme te oorwin wat voortspruit uit onverwerkte rousmart.

Aan die begin van hierdie studie is beweer dat kinders net soveel emosionele pyn na die afsterwe van 'n geliefde as volwassenes ervaar en dat dieselfde roufases deur hulle beleef word. Kinders word egter nie altyd gehelp om hierdie rousmart te verstaan en hanteer nie.

Onverwerkte rousmart en die feit dat sodanige kinders nie pastoraal begelei is nie, kan verreikende gevolge hê. Die hipotese is getoets deur 'n literatuur- en empiriese studie wat dit bevestig het. Die navorser is van mening dat die volgende aanhaling die probleem en ook die moontlike oplossing opsom. Herbert (1999:9) haal vir Eda le Shan so aan :

> *"A child can live through anything so long as he or she is told the truth and is allowed to share with loved ones the natural feelings people have when they are suffering."*

BASISTEORIE:

Hoofstuk 2 behels die basisteorie van hierdie studie. Aan die begin van die hoofstuk word ondersoekend gekyk na die gebruike rondom afsterwe, die smartuiting van geliefdes, onreinheid, begrafnis en die daaropvolgende routydperk gedurende die Ou en Nuwe Testamentiese tye. Daarna word tot die gevolgtrekking gekom dat, alhoewel kinders nie direk betrokke was by rituele rondom sterftes in die tydperk van die Bybel nie, hulle tog nie daarvan uitgesluit was nie. Kinders was deel van alle gebeure in die gesins- en familieopset.

Dit is in 'n kind se natuur om te aanvaar dat dit wat hy ontvang goed vir hom is. Hulle vertrou versorgers onvoorwaardelik. Die verantwoordelikheid van smart-, rou- en troosbegeleiding hang dus van die versorgers van kinders af.

Soos die kernvers (Lukas 18:16) waarvan eksegese gedoen is, benadruk, is dit juis wanneer *ignorering, onbetrokkenheid en uitsluiting* nie plaasvind nie, dat die natuurlike verloop van rousmart by kinders kan volg.

Die navorser kom dus vanuit die basisteorie tot die slotsom dat:

- vrae van kinders oor die dood eerlik en eenvoudig beantwoord moet word,
- rituele rondom die afsterwe van mense bekend aan die kind, verduidelik moet word,
- hulle bygestaan en ondersteun moet word tydens die ervaring van rousmart.

METATEORIE:

In hoofstuk 3 word 'n oorsig oor die voorkoms van rousmart sedert die Victoriaanse tyd gegee.

Rousmart is die oorkoepelende woord wat die intense pyn en swaar proses van aanpassing na die afsterwe van 'n geliefde saamvat. Gedurende die laaste 4 – 5 dekades was daar eers 'n tydperk van oor-romantisering van die dood wat gevolg is deur 'n ontkenningsfase na die wêreldoorlogtydperk. Soos die mediese wetenskap ontwikkel het, is daar aanvanklik weggedeins van die bewustheid en belewing van dood, tot 'n meer holistiese siening wat ongeveer 40 jaar gelede posgevat het.

Ongelukkig word kinders steeds nie na behore voorberei vir die moontlikheid van verlies na die afsterwe van familielede nie. Rousmart by kinders word vermy, geliefdes wat gekonfronteer word met hul eie rousmartbelewing dink verkeerdelik die kind sal mettertyd die ervaring self verwerk. Die media vertoon 'n valse beeld oor dood en die gevolge daarvan vir kinders in DVD's, televisie en rekenaarprogramme. Hierdie valse voorstelling van dood skep onrealistiese opvattings omtrent die rousmartervaring. In die praktyk gebeur dit dat kinders in hierdie situasie vanweë verkeerde kondisionering psigologies nie die mas opkom nie. Die normale reaksies met rousmart blyk misken te word. Om kognitief te kan dink en nuwe leerprosesse te assimileer, asook om die emosionele te verwerk, verg voorkennis en meelewing. Dit is ook van toepassing op die kind in rou.

Soos enige onvoltooide siklus in die lewe, kan die gevolge van onvervulde verwagting en pyn as gevolg van onbeantwoorde vrae tot in die volwassenheid voortduur.

EMPIRIESE NAVORSING:

In die eerste gedeelte van hoofstuk 4 is die *empiriese navorsing* hanteer. Die feit dat die kwalitatiewe empiriese navorsingsmetode op die *ervaring* van die medenavorsers fokus, het die deurslag gegee vir die gebruik van die metode.

Die *kwalitatiewe* styl van navorsing is vir die studie gekies omdat dit ook die geleentheid vir interaksie tussen die navorser en medenavorsers gee. Die redes vir en voordele van die keuse van die kwalitatiewe metode van ondersoek vir hierdie studie is bespreek.

Daarna is 'n opsomming van die berading en uitkomste daarvan aan ses kinders en een volwassene wat onverwerkte rousmart beleef het, gegee. Daar is gereeld terugvoering gegee en gesinsessies waarby die ouers betrek is, gehou. In die bylaag is opsommings van elke sessie en ondersteuningsmateriaal wat die gebeure boekstaaf.

Die probleme van die medenavorsers was uitgelig en verduidelik.

## 6.2 FINALE GEVOLGTREKKING VAN DIE STUDIE

Die gevolgtrekking waartoe die navorser kom, is dat die behoeftes van 'n kind in rousmart wel onderskat word, omdat die verkeerde veronderstelling bestaan dat hulle te jonk is om dit na behore te verstaan. Daar is verder ook aangetoon dat daar 'n noodsaaklikheid bestaan vir pastorale begeleiding van kinders wat rousmart beleef. Ten slotte is riglyne voorgestel vir hierdie pastorale begeleiding.

## 6.3 MOONTLIKE VERDERE NAVORSINGSTEMAS

Die volgende navorsingstemas kan moontlik vir toekomstige navorsing oorweeg word:

- Die pastorale berading van die kind in rousmart.
- Die pastorale begeleiding van aangenome kinders wat aan verwerping lei.
- Die verandering van die denke van kinders met gedragsprobleme.
- Die pastorale berading van ouers en kinders wat aandagafleibaar is.
- Pastorale beradingsterapie aan kinders onder 6 jaar wat onverwerkte rousmart beleef.
- Die pastorale berading van eggenote wat deur die nagraadse studie van hul huweliksmaats getraumatiseer word.
- Die rol van die predikant in die hantering van rousmart by kinders.

# BRONNELYS

ABI-HASHEM, N. 1999. Grief, Loss, and Bereavement: An Overview. *Journal of Psychology and Christianity*, 18(4)309-329.

ACHTEMEIER, P.J. 1985. Harper's Bible Dictionary. San Francisco : Harper & Row Publishers. 1178p.

ADAMS, J.E. 1973. The Christian Counselor's Manual. Phillipsburg : Presbyterian and Reformed Publishing Company. 476 p.

ADAMS, J.E. 1986a. Competent to counsel. Michigan : Zondervan. 287p.

ADAMS, J.E. 1986b. How to help people change. Michigan : Zondervan Publishing House. 253 p.

ALEXANDER, D. en andere. 1973. The Lion Handbook to the Bible. Herts : Lion Publishing. 680p.

AMOS, J. 1990. Sad. Bath : Cherrytree Press Ltd. 31p.

ANDERSON, N.T. 1990. Victory over the Darkness. Ventura, CA : Regal Books. 245 p.

ATKINSON, D.J. & FIELD, D.H. 1995. New Dictionary of Christian Ethics and Pastoral Theology. Illinois USA : Inter Varsity Press. 918p.

BALCHIN, J.F. 1993. Die raakvat Bybelgids. Halfway House : Orion Uitgewers 383p.

BEATY, J. J. 1990. Observing Development of the Young Child. New York : Macmillan Publishing Company. 386p.

BENTLEY, M. 1992. The Welwyn Commentary series. Saving a fallen world. Durham : Evagelical Press. 335p.

BERG, A.M. 1991. Bereaved children : a study of a clinical sample. Cape Town : UTC ( M Phil ).

BLOM, R. 2004. Handbook of Gestalt play therapy. Bloemfontein : Druforma. 281p.

BLORE, J. 1998. How to help a grieving child. *Journal of Biblical Counseling*, 16(2)24-30, Winter.

BRATTON, M. S. 1999. From surviving to Thriving. New York : The Haworth Maltreatment and Trauma Press. 283p.

BRIDGER, F. 2004. 23 Days A Story of Love, Death and God. London : Darton, Longman and Todd Ltd. 119 p.

BRYMAN. 2001. Definisie van kwalitatiewe navorsing. [ Web:] http://www.google.co.za/search?hl=en&cr=countryZA&delfi=en&q=define:Qualitative+Researc. [Datum van gebruik: 14 Okt. 2007].

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van SA.

BYBEL. 2002. Die Boodskap. Vereeniging : Christelike uitgewersmaatskappy.

CAIRD, G.B. 1963. Saint Luke. London : Cox and Wyman Ltd. 271p.

CLARKE, P.B. & LINZEY, A. 1996. Dictionary of Ethics, Theology and Society. London : Routledge. 926p.

CLINTON, T. 2001. The Soul Care Bible. Nashville : Thomas Nelson publishers. 1777p.

COLLINS, G.R. 1988. Christian counselling. Dallas : Word Publishing. 711p.

DAVIES, D. J. 2005. A Brief history of death. Oxford : Blackwell Publishing. 184p.

DE KLERK, W.J. 1968. Rousmart. Johannesburg : Die Evangelis, P/A Boekhandel De Jong (Edms) Beperk. 295p.

DIE BYBEL IN PRAKTYK. 1993. Vereeniging : Christelike uitgewersmaatskappy.

DIETS, B. 2000. Life after loss. Tuscan : Fisher Books. 242 p.

DOUGLAS, J.D. 2004. New Bible Dictionary. Illinois. USA : Inter Varsity Press. 1298p.

DUNN, J.D.G. & ROGERSON, J.W. 2003. Commentary on the Bible. Michigan : Eerdemans. 1629 p.

DU PLESSIS, A. 1988. Leefwyse in die dae van die Bybel. Pretoria : Serva-uitgewers. 98p.

DU PLESSIS, I. 1998. Die timmerman wat mense heelmaak. Goodwood : Bybelkor. 210 p.

DU TOIT, A.B. 1997. Handleiding by die Nuwe Testament, Band II: Die leefwêreld van die Nuwe Testament. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 220p.

ELION, B. & STRIEMAN, M. 2001. Clued up on culture. Cape town : Juta Gariep publishing company. 160p.

FABLE, HERESY. 1968. The living Bible encyclopedia in story and pictures. New York : H S Stuttman. Volume 6.

FARRANT, A. 1998. Sibling bereavement : helping children cope with loss. Trowbridge : Redwood Books. 127 p.

FREEDMAN. D.N. 2000. Dictionary of the Bible. Cambridge : WM. B. Eerdemans Publishing Co. 1424p.

GELDENHUYS, N. 1950. Commentary on the Gospel of Luke. London : Marshall, Morgan and Scott, LTD. 685p.

GIUNTA, R. & C. 2002. Grief Recovery workbook. Nashville : Integrity Publishers. 261p.

GOULDER, M. D. 1994. Luke. A New Paradigm. Sheffield : Sheffield Academic Press Ltd. 824p.

GOUS, H. 2005. Om die ondraaglike te dra. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy.

GREEN, J. B. & MCKNIGHT, S. 1992. Dictionary of Jesus and the Gospels. Illinois, USA. Intervarsity Press. 933p.

GREYLING, W. 1998. Learners with barriers to learning and development. Theoretical Framework. Study Guide. Mellville : RAU Centre of Distance Education. 125p.

GROENEWALD, E.P. 1989. Die Evangelie volgens Lukas. Kaapstad : N.G. Kerk Uitgewers. 278p.

GROLLMAN, E. A. 1991. Explaining Death to Children and to Ourselves. (*In* PAPADATOU, D. & PAPADATOS, C. , *reds.* 1991. Children and Death. New York : Hemisphere Publishing Corporation. P 3-8.)

GRÜN, A. 2003. Jesus: The image of humanity: Luke's Account. New York : Continuum International Publishing Group.

HALLEY, H.H. 1965. Halley's Bible handbook. Michigan : Zondervan. 854p.

HEITINK, G. 1999. Practical Theology. History Theory Action Domains. Grand Papids : Wm B. Eerdemans Publishing Co.

HENRY, M. 1991. Commentary on the whole Bible. USA : Hendrickson Publishers. Inc. 2485p.

HERBERT, M. 1999. Supporting bereaved and dying children and their parents. Leicester : BPS books. 37 p.

HEYNS, L. M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste tree in Praktiese Teologie. Menlo Park : Gnosis Boeke & Uitgewers Bpk

HOWERD, I. MARSHAL, A.R. MILLARD, J.I. WISEMAN, D.J. 2004. New Bible Dictionary. Illinois, USA : Intervarsity Press . 1298p.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2007. Navorsingsmetodologie. Seminaar aangebied op Potchefstroom 9 Maart 2007 : ongepubliseerd.

JEWITT, L. 2001. Play therapy with bereaved children affected by AIDS. Pretoria : UP ( MA).

KALISH, R.A. 1985. Death, Grief, and Caring relationships. Monterey : Brooks/ Cole Publishing Company. 350p.

KLEINKE, C.L. 1991. Coping with life challenges. Pacific Grove : Brooks/Cole Publishing Company. 240p.

KREMENTZ, J. 1986. How it feels when a parent dies. London : Victor-Gollancz Ltd. 110p.

KÜBLER-ROSS, E. 1991. The dying child. ( In PAPADATOU, D. & PAPADATOS, C. 1991 Children and death. New York : Hemisphere. 147-160 p. )

KÜBLER-ROSS, E. 1997. On children and death. New York : Simon & Schuster. 271p.

LENSKI, R.C.H. 1961. The Interpretation of St. Luke's Gospel. Minneapolis : Augbury Publishing house. 1212p.

LESTER, A.D. 1995. Pastoral Care with Children in Crises. Philadelphia : The Wesminster Press. 143p.

LOUW, D. J. 1993. Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Pretoria : RGN. 512p.

LOUW, D. J. 1997. Pastoraat as vertolking en ontmoeting. 2de uitg. Kaapstad : Lux Verbi.

LOOTS, G J. 1992. Pastoraat aan treurende kinders . Pretoria : UNISA (D Th).

LOUW, D.A. 1997. Human development. Pretoria : Kagiso Tertiary. 641 p.

LOUW, D.J. 1993. Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Pretoria : RGN. 512 p.

MacARTHUR, J.F. & MACK, W.A. 1994. Introduction to Biblical counseling. A basic guide to the principles and practice of counseling. Dallas : Word Publishing. 407 p.

McDEVITT, T M. & ORMROD, J.E.. 2006. Child Development and Education. Pearson Publication. : New Jersey. 704 p.

McNAMARA, B. 2001. Fragile lives : Death, dying and care. Philadelphia : Open University Press. 165 p.

METZGER, B.M. & COOGAN, M.D. 2001. The Oxford Guide to Ideas and Issues of the Bible. New York : Oxford kryfuniversity press. 285p.

MEYERS, R. 2003. E-Sword. http://www.esword.co.za

MÜLLER, D. 2003. Skryf Afrikaans van A tot Z. Kaapstad : NB-Uitgewers Beperk. 718p.

MUNDY, M. 2001. Wat as ek hartseer is ? : 'n reghelp-reisgids vir kinders wat verlies moet hanteer. Goodwood : Lux Verbi.BM. 28 p.

MWAMWENDA, T.S. 2004. Educational Psychology. An African Perspective. Sandton : Heinemann Publishers ( Pty) Ltd. 530p.

NOLAND, J. en andere 1993. Word Biblical Commentary Luke 9:21-18:34. Michigan : Wm. B. Eerdmans. 896p.

ODENDAL, F.F. en andere. 1981. HAT Verklarende woordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor. 1378p.

O ' CONNER, J. 2004. Children and Grief. Michigan : Revell. 252p.

PAPADATOU, D. & PAPADATOS, C. 1991. Children and death. New York : Hemisphere. 353 p.

PAPADATOU, D., METALLINOU, O., HATZICHRISTOU, H. & PAVLIDI, L. 2002. Supporting the bereaved child: teachers' perceptions and experiences in Greece. *Mortality*, 7(3):324-339.

PAWSON, J.D. 2007. Unlocking the Bible. London : HarperCollins. 1343p.

PERKINS, G. & MORRIS, L. 1996. Remembering mom. London : A & C Blad. 25p.

PETERSON, C. 2006. A Primar in Positive Psychology. New York : Oxford University Press. 386p.

PIETERSE, H. 1993. Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie. Pretoria : RGN uitgewers. 203p.

RATHUS, S.A. & NEVID, J.S. 1999. Adjustment and Growth. The challenges of life. Orlando: Harcourt College Publishers. 668p.

RODRIQUES, A.M.P. 1998. A guideline for a sibling bereavement programme in a children's home : a social work perspective Pretoria : UP ( MA )

RYKEN, L. , WILHOIT, J.C. , LONGMAN, T. 1998. Dictionary of Biblical Imagery. Illinois, USA: InterVarsity Press. 1058p.

SCIARRA, D.T. 2004. School Counseling. Toronto Canada : Thomson Brooks/Cole Publishing Company. 244p

SCHOEMAN, J. P. & VAN DER MERWE, M. 1996. Entering the child's world. A play therapy approach. Pretoria : Kagiso Publishers. 287 p.

SELIGMAN, M. E. P. & CSIKSZENTMIHALYI, M. 2000. Positive Psycology: An Introduction. An introduction to the millenial issue of the *American Psychologist.* http://www.google.co.za/search?hl=en&cr=countryZA&delfi=en&q=define (datum van gebruik: 14 Oktober 2007)

SHAW, N. 2002. Vallei van trane. Vereeniging : Christelike uitgewersmaatskappy. 53p.

SILVERMAN, P.R. 2000. Never Too Young to Know. New York USA : Oxford University Press. 271p.

SILVERMAN. 2001. Interpreting Qualitative data. London : Sage Publications.

SISEMORE, T.A. & MOORE, R.L. 2002. Embracing the Call to the least of These : Welcoming Children in Jesus' name. *Journal of Psychology and Christianity.* 21, (4).

SMITH, P.A. 2000. Senior primary school children's death of a parent : guidelines for assisting bereaved children. Pretoria : UP ( D Ed )

STEYN, R.S. & LOTTER, G.A. 2006. Voorhuwelikse verhouding : 'n Verkennende kwalitatiewe empiriese ondersoek. *Praktiese teologie in Suid-Afrika.* 21, (1) :104-120 p.

TENNY, M.C. 1977. The Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible. Michigan : Zondervan publishing house. 1093 p.

THOMPSON, J.A. 1996. Handbook of Life in Bible Times. Illinois : Inter-Varsity Press. 383p.

UNGER, M.F. 1983. The Hodder Bible handbook. London : Hodder & Stoughton. 720p.

VAN DER WATT, J. & JOUBERT, S. 1999. Die Boodskap met Psalms en Spreuke. Vereeniging : Christelike uitgewersmaatskappy. 1122

VAN DER WATT, J. en andere. 2003. Die Bybel A-Z. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy.

VAN DER WALT, T. 2006. Die Messias het gekom. Potchefstroom : Potchefstroom Teologiese Publikasies. 309p.

VAN DUUREN, L.A. 2002. Children's voices on bereavement and loss. Pretoria : UNISA (MTh).

VANGEMEREN, W. A. 1997. New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis. Michigan : Zondervan Publishing House. 1152p.

VAN RENSBURG, F.J. en andere. 2003. Nuwe Testament studiegids vir NTES 672 A. Potchefstroom : Telematiese Leersisteme. 464p.

VENTER, C. J. H. 1993. Basisteoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening. *In die Skriflig* : 27(2):247-259.

VENTER, J. W. 1999. Cognitive Learning Theory. http://hagar.up.za/catts/learner/venter_jw/lro/theory/kogn.htm (datum van gebruik: 14 Oktober 2007).

VOSLOO, W. & VAN RENSBURG, F.J. 1993. Die Bybel in Praktyk. Christelike uitgewersmaatskappy : Vereeniging.

VOSLOO, W. & VAN RENSBURG, F.J. 1999. Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. 1902.

WALSH, F. & MCGOLDRICK, M. 2004. Living beyond loss : Death in the Family. W. W. Norton & Company, Inc. : New York. 443p.

WASS, H. 1991. Helping Children Cope with Death. (*In* PAPADATOU, D. & PAPADATOS, C. , *reds.* 1991. Children and Death. New York : Hemisphere Publishing Corporation. 11-22 p.)

WICKS, R.J. Parsons, R.D. , Capps, D. 1993. Clinical handbook of pastoral counseling volume 1. New Jersey : Paulist Press. 707p.

WINTER, R. 1999. A Biblical and Theological View of Grief and bereavement. *Journal of Psychology and Christianity.* 18 (4).

WRIGHT. G.E. en andere. 1974. Great people of the Bible and how they lived. New York : Reader's digest association, inc. 432 p.

ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft. (In KLOSTERMANN, F. & ZERFASS, R. Praktische Teologie heute. 164-177 p.)

# BYLAE 1

B1.1 Werksmetodes

Elke sessie met die medenavorsers het bestaan uit van die volgende :

- Terugvoering van die kinders oor die ervarings in hul leefwêreld.
- Die verduideliking van Skrifwaarhede wat teksgedeeltes insluit.
- Verduideliking van rousmart en die aanleer van nuwe lewensbeginsels.
- Die identifisering van en begrip vir eie en ander gesinslede se emosies.
- Inskerping van vaardighede dmv rolspel, kuns of dramatisering en speletjies.
- Tuisopdragte soos die skryf van briewe, gesprekke met ander mense, leeswerk en verantwoordelikheidskaarte
- Volgehoue gesprekke oor selfkennis en begrip tydens die rouproses.
- Ontspanningsoefeninge en aanleer van ritmiese asemhaling.

B1.1.1 Sessies met medenavorser 1 - Nico

Nico het 7 sessies van ± 80 minute elk bygewoon.

Sessie 1.

Oriëntering en gerusstelling. Vertel sy weergawe van gebeure (*1 skets die gebeure). Begin roufases verduidelik. Stel die werking van God-drie-eenheid bekend.
Begin met selforganisering met behulp van *2 verantwoordelikheidskaart.

Sessie 2.

Verduidelik die mens se liggaam, siel en verstandsdimensie. Leer dat die waarheid vryheid bring. Ontleed roufases en erken eie. Bespreek die begrafnis en wat daarmee gepaard gegaan het. Verduidelik vergifnis en selfvergifnis.

Sessie 3.

Verduidelik hoe siel, met emosie, verstand en wil funksioneer. Emosies - verduidelik hoe emosies invloed op positiewe en negatiewe denke uitoefen. Identifiseer eie gevoelens.

Sessie 4

God se plan vir ons lewe. Leer dat die dood onafwendbaar is. Sy broertjie se lewensdae was afgemeet - soos alle mense, sou hy wel in elk geval gesterf het. Leer oor die hemel. Nico het 'n liefde vir ballonne. Begin die begrip op die mens se gees wat weergebore word toepas. Trek dit deur na God se skeppingskrag, en die vryheid wat mense het om deur die Heilige gees gelei te word.


Evaluering - Terugvoering en doelbereikingsessie met ma.

Sessie 5


*3 Skryf brief aan broertjie. Praat oor hemel en sy verwagting om Jesus Christus en Sy hemelse Vader te ontmoet.

<u>Die Toneel Waar Nico se Broertjie verdrink het :</u>

Huis met almal wat daar was:



Swembad en Area waar Nico met hom gespeel het




Die brief wat Nico gedikteer het:

A Letter to my brother 27/2.

Hi!

I wish I could talk to you, but if you are happy up there, it is ok with me.

I can still remember how you looked, I remember when you were born, how you laughted at me.

I know how that it was not my mistake that you died. It could happen any-way.

From __ ___ _________

On your birthday ________, I will always blow balloons, sing a song and pray that Jesus will hug you for me!

My life is exciting. Mom just bought a farm. (Guess who's going to SRUR) o sorry, you don't know what that is .... "go-go-" farm.

naughty like he uses to be and dad + mom got divorced. So, everything did change when you died.

But, my love for you, is the same, and I will always miss you, but

not every day.

My shoulders are up now, and I'm getting really proud to be a tall good in maths, young "almost teenager". Orange is my favourite colour and I don't have a girlfriend yet!

I sometimes look at your photo and I think how happy you will be in heaven!

That's all.

Let op dat hy sê :


- "I know now it was not my mistake."
- Onthou hom met deernis.
- Aanvaar hy is in die hemel.

Nico se Organisasiekaart

______ se verantwoordelikhede

| Dag | Hond – kos, stap(2x),speel | Visse | skottelgoed | eie kamer slaap | Kwaad ? |
|---|---|---|---|---|---|
| Woensdag | | | | | |
| Donderdag | | | | | |
| Vrydag | | | | | |
| Saterdag | | | | | |
| Sondag | | | | | |
| Maandag | | | | | |
| Dinsdag | | | | | |

Tekenspeletjie



Sessie 6

Herhaal gebeure van die verdrinking. Bespreek moontlike ander uitkomste. Hanteer vergifnis van ander.

Sessie 7

Nico aanvaar sy broer se dood, kan die gebeure in konteks plaas.

Skrifbeginsels

Joh 8:32 – Die waarheid maak vry.
Joh 14:6 – Jesus Christus die weg, waarheid en die lewe.
1Tim 1: 7 – Gees van God, krag, liefde en selfbeheersing.

Werklike voorbeelde van werk in bylae ingesluit:

1. Tekening van die huis en swembad waar verdrinking plaasgevind het.
2. Voorbeeld van verantwoordelikhede.
3. Brief aan boetie.

B1.1.2 Sessies met medenavorser 2 – Danie.

Danie het 2 sessies bygewoon.

Sessie 1.

Danie se ma kon getuig van sy pa se bekering en geestelike welstand toe hulle jonk getroud was. Hul egskeiding het gevolg na lang gesukkel en sy onvermoë om te leef. Nadat ons verduidelik het hoe depressie kan verloop en toe Danie verstaan dat sy pa se "siekte " sy besluite en oordeelvermoë beheer het, kon hy aanvaar dat sy pa wel gered is

Sessie 2.

Gee inligting oor selfmoord.
Verduidelik die rouproses, sien waar hy sy skuldgevoelens plaas.

Skrifbeginsels:

Joh 1:12, 14 – Kinders van God wat Jesus Christus aangeneem het.
Hebr 11:1 – Geloof is ....
Romeine 8: 37 – Meer as oorwinnaars. Niks kan ons van die liefde van Jesus skei nie

B1.1.3 Sessies met medenavorser 3 – Werner.

Werner het vir 10 sessies van 80 min elk na die berader gekom. Daar was 3 gesinsgesprekke en 2 sessies alleen saam met sy ma.

Sessie 1.

Vertel sy weergawe van die verhaal en beantwoord vrae. Verduidelik die werk van Jesus Christus, Sy redding en genesing.
Leer wat is rousmart. Leer ook die fases van die rouproses. * 4 Taakkaart tuis.

Sessie 2.

Evalueringstoetse*5. Besoek die dokter en gaan vir 'n volledige mediese ondersoek. (glukosetoleransie om moontlike diabetes te bepaal). Bespreek redes waarom Werner nie huil nie.

Sessie 3.

Emosies se werking bestudeer en geïdentifiseer. Evalueer vrees en woede.
Ma se nuwe vriend word bespreek – seuns kan nie die verhouding aanvaar nie. Rolspel om te leer sê hoe hy werklik voel, en bespreek wat sy en sy broer se optrede kan wees.

Sessie 4.

Godsbegrip. Werking gees, siel en liggaam.

Gesinsgesprek.

Doel van gesin. Leer *6 praatstoktegniek. Neem besluite oor die rol van ma se vriend en beplan gesinskamp. Praat oor hul pa se besittings en die rolle van gesinslede.

Sessie 5.

Bespreek die slaap in eie slaapkamer. Bespreek die skoonmaak en verdeling van hul pa se besittings wat nog nooit uit die toegesluite kas gehaal is nie. Reël kamer beter versorg. Verantwoordelikhede neem: vistenk, skottelgoed, swembad.

Sessie 6.

Bespreek die inhoud van pa se kaste.
Bestudeer Jes 43. God die Vader sal 5 emosionele behoeftes van die mens versorg. Leer bid. Begin om mense wat nie vertrou kan word nie te begryp aan die hand van hul eie behoeftes.

Sessie 7.

Terugslag. Kom agter dat Werner vir 'n week geen kos geeët het nie. Weier om kerk by te woon, doen geen take nie. Hou sy eie tandepasta en Milo apart. Woedeuitbarsting.

Sessie 8.

Sessie saam met Werner se ma. Gesprek wat lei tot die ontdekking van vroeëre verwerping. Maak kontak met klasonderwyser en begin as wyer span met Werner werk.

Sessie 9.

Hanteer verwerping en emosionele behoeftes (4). Kyk na doelwitte vir die res van die jaar.

Sessie 10.

Evalueer fisieke aktiwiteite. Gee leiding ivm sakgeld. Konsentreer om emosies te erken en uit te spreek. Kyk na geestelike DVD's.

Gesinsgesprek
*8 – Vraelys en bespreking.

Skrifbeginsels.

Efe 4:26 – As julle kwaad word – maak klaar.

Jes 43 – Op naam geroep. Behoort aan die Here.

Fill 4 – Dankbaarheid in alle omstandighede.


Werklike voorbeelde van werk in bylae ingesluit.

1. Selfportret.
2. Funksioneringsprofiel ( gedeelte).
3. Gesinsvergaderingstegniek.
4. Vraelys aan gesin na afloop van navorsing.


Werner se Selfportret



Senior-primêre Self persepsie:



Let op na die sterk angstigheid tov en verantwoordelikheid vir ander:




Na + - 'n jaar -..... van pa se dood - 2 jaar

| | Ma. | Oudste | Jonger broer |
|---|---|---|---|
| 1. Kan jy aan jou pa, man dink sonder om skroeiende pyn te hê ? | | Ja | Ja |
| 2. Kan jy die negatiewe en die positiewe van jou verlies aanvaar ? | | | |
| 3. Watter vardighede het jy aangeleer na jou pa / man se dood ? | | | |
| 4. Kan jy nou al die swaar gevoelens verander in ander planne/ verhoudings ? | | | |
| 5. Weet jy dat die spesiale verhouding wat jy gehad het nooit sal vervang word nie, dat die herinneringe in jou hart leef? | | | |
| Voel jy vry om voort te gaan ? | | | |

Finale onderhoudsessie met gesin wat wys dat hulle die dood van hul vader *(eggenoot)* begin aanvaar het

Werner se Verwerpings Werkkaarte

Verwerpingspiramide - van onder af word die gedrag progressief sterker:




1 Johannes 1:8

1 Johannes 1:9

Gedrag om te erken en deur te werk:

**Verwerping**

Omdat ek voel ek is nie goed genoeg nie begin ek 'n muur van rebellie opbou.


IS DIT WAAR ?


SELFBESKERMING

⇩

humeurig
negatief
liggeraak
taktloos
haatdraend
eensaam
krities
prikkelbaar
verdedigend
woede
vreesbevange
agterdogtig

## Selfkennis – Oop Sinne




## Werner, Chris en Hul Ma se Oefening om as Gesin te Leer om na Mekaar te Luister:

**Die " praatstok" tegniek.** Familie - gesels - gesprek

Doel

- Luister
- Verstaan
- Elkeen sê wat hy/ sy voel

Hoe ? Elkeen wat praat, hou die stok vas terwyl hy praat -
die stok simboliseer wedersydse respek... hy mag enige iets sê of vra.
Hou aan alleen praat tot persoon wat die stok vashou voel die ander het hom gehoor.
Die res luister en MAG nie in die rede val of kritiseer nie.
Die volgende persoon tel; dan die stok op en begin gesels.

B1.1.4 Sessies met medenavorser 4 – Chris

Chris het 9 sessies bygewoon, 1 alleen saam met sy ma en 3 gesinsessies gehad.

Chris is 'n introvert. Die beradingsessies met hom en sy broer verskil in totaliteit. Dit was van die eerste sessie duidelik dat dit nodig sou wees om hom heeltemal anders te benader.

Gesinsgesprek.

Agtergrond, vertel hoe hyself die gebeure en ander gesinslede se rousmart ervaar.

Sessie 1.

Moedig hom aan om te praat. Hy vind dit baie moeilik om homself te verwoord. Hy huil makliker, maar word skaam daaroor. Chris kan sy emosies verwoord, maar nie die bakleiery met sy broer verwerk nie. Die berader kry dit reg om tot hom deur te dring. Prakties blyk dit dat hy goed funksioneer – help ma met inkopies, vergesel sy ma na sosiale byeenkomste. Het te veel verantwoordelikhede tuis op sy skouers begin neem, bv om die huis te sluit. Hy kan nie oor die verlies van sy pa praat nie.

Slaap in dieselfde kamer as sy ma. Hy wil in 'n ander land gaan woon sodra hy sy skoolloopbaan voltooi het.


Sessie 2.

Bespreek Chris se liggaamsbeeld. Hy glo hy is baie oorgewig, (nie meer as 5 kg nie). Die gespot vroeër in sy lewe het hom laat vasval in negatiewe onwaarhede.

Bespreek 'n eetplan wat hy sal volg. Sy pa het gedink en gesê hy moet meer manlik optree. Hy versorg die swembad, help sy ma met alles.

Erken dat hy geen duidelike Godsbesef het nie. Spreek dit aan.


## Chris se "Trauma" wat sy CFI Hoërskool Profiel Aandui:




Let op die negatiewe

- Liggaamsbeeld
- Geheueverlies
- Hulpeloosheid en
- Wantroue

## Chris se Brief aan sy Pa:




Skryf vir jou pa se brief.

Liewe Pappa

Ek kan amper nie glo dat pa weg is nie, dit voel nog soos gister toe pappa my nog by ons was. Ons al drie mis pappa verskriklik Mamma is ok sy cope nog met die twee ix ons Boetie was in die begin 'n bietjie moeilik en agresief, maar hy raak al 'n bietjie beter.


Die huis het verskriklik verander vandat pa dit laas gesien het Ons het albei badkamers oor gedoen en my en boetie s'n het 'n Jet blast bad in, Pappa sou dit




geniet het. Die kombuis is nou ook toegebou en al 'n nuwe plek, dit is nou nie meer daai ~~het~~ ugly small kitchen nie, dis nou 'n oopplan ~~met~~ wat in die sitkamer inkyk. Die braai area het nou ook twee skuifdeure en ons beplan om dit toe te bou en dit 'n binne huis braai met Jetmaster te maak.

By die skool gaan alles perfect aan, ek is nou finally HEAD Librarian en ek staan 'n goei kans om hoofseun te word, maar niks is nog verseker nie.

Boetie se skoolwerk lyk nie




Sessie 3

Neem 'n persoonlike funksionerings- en loopbaan- inventaris af.

Sessie 4

Gee terugvoering oor uitslag van toetse aan Chris en sy ma. Begin planmatig aan doelwitte werk.

Gesinsgesprek.

Sessie 5

Bespreek wat ander kinders in verlede oor hom gesê het. Ontleed selfspraak en negatiewe gedagtes en kom tot besef dat dit die rede vir sy isolasie kan wees.

Sessie 6

Vergifnis en verwagtinge

Sessie 7

Hanteer skuldgevoelens. Chris en sy pa het nie altyd goed oor die weg gekom nie.

Sessie 8

Wat van Jesus Christus ? Chris kry geloofsekerheid.

Sessie 9

Bespreek toelaag en hoe geld bestee moet word.

Gesinsessie

Evaluering.

B1.1.5 Groepsessies met Tieners

Sessie 1


Die navorser stel almal aan mekaar voor en daar word gesels oor die rede vir die sessies, nl om met ander oor die verlies te praat, raakpunte wat almal ervaar uit te stip en die rousmartproses beter te begryp. Die volgende is gedoen:

- Vertel aan die ander meer omtrent die gebeure rondom die dood van hul ouer.
- Besin oor wat die moeilikste van die tydperk is.
- Leer die rouproses se verloop.
- Deel kontakbesonderhede.

Na afloop van die sessie kry almal die opdrag om 'n brief aan die oorledene te skryf en te noem wat elkeen nog eendag saam met sy/haar pa sou wou doen.

Tieners se:

- Nuwe verantwoordelikhede
- Verliese
- Wat mense sê




Sessie 2

Terugvoering oor die week wat verby is. Die tieners het sms'e uitgeruil en mekaar gebel. 'n Gesamentlike vriend van 2 van die tieners se pa is oorlede. Hulle het kontak met hom gemaak en gesê dat hulle verstaan hoe hy voel. Hulle wil nie die briewe voorlees nie, maar gee dit vir die navorser. Al 3 het ervaar dat hulle baie beter voel na die skryf daarvan.

Die tieners vertel wat hulle nog sou wou ervaar saam met hul pa's – dit is veral rugbywedstryde, groot geleenthede soos troues of wanneer hulle mag motor bestuur waarteen hulle opsien.

Die volgende word verduidelik en bespreek:

- Nuwe verantwoordelikhede:
  Al 3 moet meer in en om die huis doen, bv die huis se deure saans sluit, swembad versorg, vleis braai, moedersdag en verjaardae onthou en jonger susters en broers vermaan of oppas.

- Addisionele verliese wat ervaar word:
  Verloor sekuriteit van 'n man in die huis. Word meer bewus van sekuriteit. Verloor humor, stories, uitstappies en bywoon van funksies as 'n gesin. Die ma's word oorbeskermend en laat hulle minder toe om uit te gaan.
  Die navorser verduidelik dat hulle nie net hul pa nie, maar ook 'n deel van "kindwees" verloor het. Dit word 'n lang en hartseer gesprek.

- Wat ander mense ( veral volwassenes) op die begrafnis en met tuisbesoeke sê:
  *Wees daar vir jou ma.*
  *Wees sterk vir jou ma.*
  *Ek weet hoe dit voel.*
  *Jy is nou die man in die huis.*
  *Jy moet jou ma nou oppas.*

Hierdie "ongevoelige" woorde is tot in die fynste besonderhede bespreek. Op die navorser se vraag of hulle dink hulle moes hul ma fisiek dra as hulle moes "sterk" wees, het 'n rolspel spontaan ontstaan wat baie snaaks en sinies was.

Sessie 3

Gedurende hierdie sessie het elkeen die geleentheid gekry om sy/haar pa te beskryf.

Daarna het hulle self die gesprekke voortgesit en die navorser het hulle net waargeneem. Daar is planne gemaak om hul ma's uit te oorlê om hulle meer vryheid te gee. Hulle het gesels oor hul vriende se reaksies (of ontkenning dat enige iets gebeur het) na die afsterf van hul pa.

Daar is oor die algemeen besluit dat hulle die saak sal aanroer in vriendekringe en nie net gewoon antwoord "dit gaan o.k.", nie.

Opmerking.

Dit was opvallend hoe sinies tieners die dood kan ervaar. Een seun het genoem dat dit vir hom makliker is om te dink sy pa is veras ipv dat "natuurelemente" (eie versagtende uitdrukking) hom verorber het.

Die swaarste tyd vir almal was as hulle in die nag wakker word en besef dit het regtig gebeur.

Skrifwaarhede.

Romeine 8:37-38 – Meer as oorwinnaars, niks kan ons van Jesus se liefde skei nie.
Gal 5 – Die vrugte van die Gees.
Joh 8:32 – Waarheid maak vry.

B1.1.6 Sessies met deelnemer 6 – Brandon.

Brandon het 5 sessies gehad, waarvan sy vrou een saam bygewoon het en 1 keer alleen gekom het.

Sessie 1

Gee inligting oor homself, sy agtergrond en begin sy verhaal vertel. Aan die einde van die sessie lei die navorser hom daarheen dat hy self ontdek dat hy moontlik onverwerkte rousmart kan hê. Hy neem hom voor om sy ma te besoek en inligting by haar te kry

Sessie 2

Brandon het sy ma "gekonfronteer" om hom alles oor sy pa te vertel. Hy kon vir die eerste keer vir haar sê dat hy vir haar lief is. Daar was ook goeie tye waarvan hy niks geweet het nie. Hy leer die roufases en besef dat hy nooit werklik geglo het dat sy pa dood is nie. Brandon besluit om 'n kerk te besoek en met die predikant, wat hy ken, te gesels. Hy sal ook alles vir sy vrou vertel.

Sessie 3

Verduidelik die werking van die mens se siel. Kyk ook na die behoeftes wat hy gehad het wat nooit vervul is nie. Die emosionele behoeftes, nl liefde, erkenning, sekuriteit en aanvaarding

word intensief bespreek. Hy besef dat hy erkenning baie nodig het en neem hom voor om dit te sê, tuis en by sy werk.

Sessie 4

Bespreek die rolle van mans en vroue in 'n huwelik.

Sessie 5

Besoek die navorser saam met sy vrou. Hulle neem besluite oor hul optrede as hulle verskil. Reël 'n opvolgbesoek.

Skrifwaarhede

Joh 10:10 – Lewe in oorvloed.
2 Kor 5: 17 – Nuwe mens.
2 Tim 1:7 – Gees van God vul ons met krag, liefde en selfbeheersing.

Brandon se Brief aan sy Pa:

Brandon

Pa

Eerstens wil ek net sê, wat pa aan my ma gedoen het oor die jare was nie reg nie
Ek onthou pa se gesig nie eers nie, net dat ek gegooi was met 'n warm bord kos.

Ek het 2 pragtige kinders en het amper die selfde met hulle gedoen. Ek wens jy kon hulle gesien en ontmoet het. My ma het my alles vertel wat jy aan haar gedoen het. Ek het lank hieroor gedink en ek vergewe jou, maar sal dit nooit vergeet nie.

Ek het 'n wonderlike vrou en kinders. 'n Maand terug het ek hulle amper verloor omdat ek haar so slaan. Die Here het my oë oop gemaak en nou kan ek dinge reg maak.
Deur die jare het ek goeie en slegte dinge gedoen, maar het ook uit geleer. Ek weet dat ek 'n goeie pa en man kan wees vir my familie en dat hulle my baie lief het. Dis al wat ek nodig het.

Ek was klein toe my ma my sê dat pa dood is en ek was ook nie by die begrafnis nie. Ek het ~~vre~~ vrede met dit gemaak. Ek weet nie wat om verder te sê nie, net dat ek van nou af die beste van my lewe sal maak, so moenie worry oor my nie

# BYLAE 2

## B2.1 My Eie Ervaring - Deur die Navorser

My belangstelling in rousmartberading het nie uit my eie denke of wil ontstaan nie.

Inteendeel, as student en later jong vrou, het ek ook die onderwerp vermy, besoeke aan bedroefdes uitgestel en nooit geweet wat die regte ding was om te sê nie.

My eerste baba, 'n seuntjie, het 24 jaar gelede toe hy 8 dae oud was, gesterf. Die ervaring het my hele lewe verander. Alhoewel ek geen kennis van rousmart gehad het nie, het ek tog skok, ontkenning, skuldgevoelens, woede, depressie en uiteindelik aanvaarding beleef. Ek het in hierdie tydperk 'n Bybelse berader besoek, bevryding ontvang en geestelik nader aan my Here begin groei.

My algemene kennis oor die praktiese geestelike lewe, wat uit Bybelkunde as matriek- en akademiese vak bestaan het, is uitgebrei deur boeke, kassette en gesprekke. Ek het seminare, kursusse, kampe en besprekings begin bywoon om meer te leer. Die behoefte om meer en meer oor Jesus te weet, het my lewe in 'n rigting gestuur wat nooit sal ophou nie.

My grootouers het gesterf en ook my jonger broer. Sy kinders was baie klein en ek het besef die wyse waarop hulle hanteer word, is verkeerd. Ek het egter nie die kennis en gesag gehad om hulle te ondersteun en toe te sien dat die hulp wat hulle moes kry, aan hulle gegee word nie.

My gebrek aan kennis en onbeholpe rousmart- woordeskat het my laat besluit dat ek eendag hierdie vrae sou wou kon beantwoord : *Wat doen mens en wat is die regte optrede?*

Ek het 'n sertifikaat in berading verwerf en kinders, ouers en later volwassenes begin help. Nadat ek honneurstatus verkry het, is die gedeeltelike leesnavorsing en mondelinge eksamen ter voorbereiding vir hierdie studie voltooi. Ons gesin het in daardie stadium verhuis.

Ek het 23 jaar onderwysondervinding, hou nog skool en het 3 jaar gelede 'n beradingskantoor in 'n nuwe omgewing begin. Die afgelope 2 jaar het ek by skole opgetree, 'n kinderkamp aangebied en netwerk met predikante en ander persone begin.

> Ek staan in die Here se diens en gee my aan Sy leiding oor.
> Kolossense 4:17 was my finale opdrag van die Here.